# Grilgrypers 1: Die vloek van Vreesbaai

De Wet Hugo

Human & Rousseau, 2018




"Hugo bekonkel slim en goeie stories waarteen bitter min antilesers sou kon staande bly. Kry hulle net op bladsy 2! Hierdie grillers sal seuns én dogters van nege tot twaalf eerder grootoog aan die lees hou as om hulle van boeke en lees af te skrik." – Magdel Vorster, Litnet

Hierdie leesgids kan vir Afrikaans HT Graad 6-7 gebruik word.

Hierdie gids mag gratis in die klas gebruik word. Geen dele van hierdie gids mag kommersieel versprei of verkoop word sonder die toestemming van die uitgewer nie. Die gids kan ook vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal gebruik word indien die nodige aanpassing volgens die KABV-dokument toegepas word.

**Saamgestel deur Stefanie du Preez en Pierre du Preez**

## Inhoudsopgawe


**AFDELING A: PRELEES ..... 5**

**INLEIDING TOT DIE GENRE ..... 5**

**AGTERGROND VAN DIE GRILGRYPER-REEKS ..... 5**

**BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER ..... 5**

**INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN GRILGRYPERS ..... 6**

**BENADERING TOT LEES ..... 6**

**DIE LEESPROSES ..... 7**

Prelees ..... 7

Tydens lees ..... 8

Post-lees ..... 9

**AFDELING B: TYDENS LEES ..... 10**

Hoofstuk 1 (Bladsy 1) ..... 10

Hoofstuk 2 (Bladsy 6) ..... 11

Hoofstuk 3 (Bladsy 11) ..... 12

Hoofstuk 4 (Bladsy 14) ..... 12

Hoofstuk 5 (Bladsy 17) ..... 13

Hoofstuk 6 (Bladsy 23) ..... 14

Hoofstuk 7 (Bladsy 27) ..... 15

Hoofstuk 8 (Bladsy 30) ..... 15

Hoofstuk 9 (Bladsy 35) ..... 16

Hoofstuk 10 (Bladsy 41) ..... 17

Hoofstuk 11 (Bladsy 47) ..... 17

Hoofstuk 12 (Bladsy 51) ..... 18

Hoofstuk 13 (Bladsy 57) ..... 18

Hoofstuk 14 (Bladsy 59) ..... 19

Hoofstuk 15 (Bladsy 64) ..... 19

Hoofstuk 16 (Bladsy 70) ..... 20

Hoofstuk 17 (Bladsy 78) ..... 20

Hoofstuk 18 (Bladsy 85) ..... 21

Hoofstuk 19 (Bladsy 89) ..... 21

Hoofstuk 20 (Bladsy 93) ..... 22

Hoofstuk 21 (Bladsy 99) ..... 23

Hoofstuk 22 (Bladsy 105) ....................23
Hoofstuk 23 (Bladsy 114) ....................24
Hoofstuk 24 (Bladsy 120) ....................25
**AFDELING C: POST-LEES** .................... **26**
**Opsommings per hoofstuk** ....................**26**
Hoofstuk 1 (Bladsy 1 – 5): .................... 26
Hoofstuk 2 (Bladsy 6 – 10): .................... 26
Hoofstuk 3 (Bladsy 11 – 13): .................... 26
Hoofstuk 4 (Bladsy 14 – 16): .................... 26
Hoofstuk 5 (Bladsy 17 – 22): .................... 26
Hoofstuk 6 (Bladsy 23 – 26): .................... 26
Hoofstuk 7 (Bladsy 27 – 29): .................... 26
Hoofstuk 8 (Bladsy 30 – 34): .................... 26
Hoofstuk 9 (Bladsy 35 – 40): .................... 26
Hoofstuk 10 (Bladsy 41 – 46): .................... 26
Hoofstuk 11 (Bladsy 47 – 50): .................... 26
Hoofstuk 12 (Bladsy 51 – 56): .................... 27
Hoofstuk 13 (Bladsy 57 – 58): .................... 27
Hoofstuk 14 (Bladsy 59 – 63): .................... 27
Hoofstuk 15 (Bladsy 64 – 69): .................... 27
Hoofstuk 16 (Bladsy 70 – 77): .................... 27
Hoofstuk 17 (Bladsy 78 – 84): .................... 27
Hoofstuk 18 (Bladsy 85 – 88): .................... 27
Hoofstuk 19 (Bladsy 89 – 92): .................... 27
Hoofstuk 20 (Bladsy 93 – 98): .................... 27
Hoofstuk 21 (Bladsy 99 – 104): .................... 27
Hoofstuk 22 (Bladsy 105 – 113): .................... 27
Hoofstuk 23 (Bladsy 114 – 119): .................... 28
Hoofstuk 24 (Bladsy 120 – 123): .................... 28
**MEMORANDA** .................... **29**
Hoofstuk 1 (Bladsy 1) .................... 31
Hoofstuk 2 (Bladsy 6) .................... 33
Hoofstuk 3 (Bladsy 11) .................... 34
Hoofstuk 4 (Bladsy 14) .................... 35

Hoofstuk 5 (Bladsy 17) .......... 35
Hoofstuk 6 (Bladsy 23) .......... 36
Hoofstuk 7 (Bladsy 27) .......... 37
Hoofstuk 8 (Bladsy 30) .......... 38
Hoofstuk 9 (Bladsy 35) .......... 39
Hoofstuk 10 (Bladsy 41) .......... 39
Hoofstuk 11 (Bladsy 47) .......... 40
Hoofstuk 12 (Bladsy 51) .......... 40
Hoofstuk 13 (Bladsy 57) .......... 41
Hoofstuk 14 (Bladsy 59) .......... 42
Hoofstuk 15 (Bladsy 64) .......... 42
Hoofstuk 16 (Bladsy 70) .......... 43
Hoofstuk 17 (Bladsy 78) .......... 43
Hoofstuk 18 (Bladsy 85) .......... 44
Hoofstuk 19 (Bladsy 89) .......... 45
Hoofstuk 20 (Bladsy 93) .......... 45
Hoofstuk 21 (Bladsy 99) .......... 46
Hoofstuk 22 (Bladsy 105) .......... 47
Hoofstuk 23 (Bladsy 114) .......... 48
Hoofstuk 24 (Bladsy 120) .......... 49
**BOU VAN 'N VERHAAL .......... 51**
**KARAKTERS .......... 52**
**KREATIEWE SKRYF .......... 53**
**AFDELING D: TOETS JOU KENNIS .......... 54**
**BLOKKIESRAAISELS/WOORDSOEK .......... 54**
Kwartaal 1 .......... 54
Kwartaal 2 .......... 60
Kwartaal 3 .......... 65
**BRONNE .......... 70**

## AFDELING A: PRELEES

## INLEIDING TOT DIE GENRE

"Daar word 'n onderskeid getref tussen rillers (*thrillers*) en gruwelverhale (*horror*). In eersgenoemde is die hoofkarakter meestal vasgevang in 'n toenemend spannende situasie wat oorlewing bedreig. Daar is baie konflik, opwinding en spanning, maar alles is nie noodwendig vreesaanjaend nie, en die einde is gewoonlik positief. In laasgenoemde speel die bonatuurlike en grusame 'n groter rol en word daar meer op bloeddorstige en afgryslike besonderhede as probleemoplossing gefokus. Hierdie verhaal is 'n riller, nie 'n gruwelverhaal nie, want dit is glad nie bloeddorstig nie, en eindig op 'n relatiewe positiewe noot." - Magdel Vorster, Litnet

## AGTERGROND VAN DIE GRILGRYPER-REEKS

"De Wet Hugo se tienersusters en hul maats het die tipiese *1980 slasher films* gekyk, en dit is waar Hugo se liefde vir 'stories vol spanning en skokelemente' ontstaan het. Hy skryf eerstens om kinders aan die lees te kry en om hulle te vermaak, nie om hulle te verskrik en te traumatiseer nie. Die *Grilgrypers*-reeks word nie as 'n riller- óf gruwel-reeks bemark nie, so dit is vir Hugo baie maklik om oor die lyn tussen die twee genres te beweeg." Magdel Vorster & De Wet Hugo, Litnet

"Mense lag altyd wanneer ek hulle vertel hoe ek na doodnormale goed kyk en dan idees vir my rillers kry. Maar dis juis dit wat goeie rillers maak – wanneer mens doodnormale omstandighede neem en iets wat nie daar hoort nie, daarin plaas. Wie sal byvoorbeeld nie skrik as jy die enigste kind is, onder jou bed kyk en 'n vreemde tweejarige daar sien uitloer nie? Peuters mag miskien skadeloos wees, maar nie as jy hulle in grilboeke op plekke raaklees waar hulle nie hoort nie! Gelukkig sien ek my ooraktiewe verbeelding as 'n seëning en nie 'n hindernis nie." – De Wet Hugo

## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER



De Wet Hugo is op 26 November 1982 op Worcester gebore. Hy het drie ouer susters en hulle het op 'n Bolandse wynplaas, Spes Bona, tussen Worcester en Villiersdorp grootgeword.

Tydens sy laerskooljare het De Wet elke dag met 'n bus tot op Worcester gery, en gedurende sy hoërskoolloopbaan het hy in die Paarl in 'n koshuis gebly.

Ná skool het De Wet onderwys op Wellington en Stellenbosch studeer. Daarna het hy as laerskoolonderwyser begin werk – eers in Kaapstad en toe in Somerset-Wes. Gedurende hierdie tydperk het hy 'n vryskut-teksskrywer vir *Cool Catz* op E-TV geword.

In 2010 het De Wet die geleentheid gekry om na Djedda in Saoedi-Arabië, waar hy as laerskoolonderwyser by 'n Britse Internasionale Skool gewerk het, te verhuis. De Wet gee tans onderwys in Hangzhou, Sjina.

As skrywer het hy bydraes tot Tafelberg Uitgewers se bundels, *Skrik op die lyf*, *Rympies vir pikkies en peuters*, *Liedjies vir pikkies en peuters*, *Rympies vir kleintjies en kleuters* en *Bybelliedjies vir kleintjies en kleuters* gelewer. By Human & Rousseau Uitgewers het hy bygedra tot *Skool is 'n riller* en hy is ook die skrywer van die

*Grilgrypers*- en *Kies-jou-avontuur*-reekse. Sy nuutste boeke is *Katastrofe, Catastrophe* en *Kinkels en Keuses: Die holderstebolder hondepartytjie* wat in 2022 by Human & Rousseau verskyn het.

De Wet lees graag en hy beskou Stephen King, Francois Bloemhof, Fanie Viljoen, Roald Dahl en Jacqueline Wilson as sy gunstelingskrywers.

## INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN GRILGRYPERS

"Baie mense dink aan geestessiektes, veral fobies, as iets wat net in jou kop gebeur, maar dit is medies bewys dat daar fisieke simptome daarvoor is. Tipiese simptome van fobies kan naarheid, bewing, vinnige hartklop, gevoelens van onwerklikheid, en [vasgevang wees] met die vrees[aanjaende] voorwerp [insluit]." (Kendra Cherry, ReoVeme)

Dit is belangrik om te verstaan wat die verskil tussen ’n fobie en ’n vrees is. Vrees is dit wat jou veilig hou; as jy bang is vir iets, skop jou veg-of-vlug instink in, en dit is natuurlik en hou jou weg van gevaar af. ’n Fobie is ’n irrasionele, oordrewe vrees; dit maak jou so bang dat jy aan niks anders kan dink nie, en jy kan niks daaraan doen nie.

’n Paar voorbeelde van algemene vrese is: hoogtevrees, arachnofobie (vrees vir spinnekoppe), kloustrofobie (vrees vir nou spasies). Hierdie boek handel oor fobies, en oor hoe spesifiek en verskillend fobies kan wees. Leerders kan gerus gaan oplees oor verskillende fobies.

## BENADERING TOT LEES

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal beklemtoon die belangrikheid van lees in die klaskamer.

Dit is belangrik dat leerders goeie leesvaardighede ontwikkel vir deelname in die gemeenskap en werksopset. *"Leerders ontwikkel leesvaardighede en soek inligting in ’n wye reeks literêre en nie-literêre tekste, insluitend visuele tekste. Leerders herken en besef hoe genre en register die doel uitbeeld."* (KABV) Leerders se kritiese en kreatiewe denke ontwikkel as hulle in die klas, en onafhanklik, aan ’n wye verskeidenheid tekste blootgestel word.

’n Verskeidenheid leesmetodes soos groepsbegeleide lees, selfstandige lees en lees in pare kan gebruik word om leerders aan te moedig om met selfvertroue te lees. Moedig ook die leerders aan om op hul eie boeke te kies en te lees waarvan hulle hou.

Onderwysers moet ook ’n verskeidenheid leesbegripsaktiwiteite opstel om seker te maak dat leerders verstaan wat hulle lees.

Leerders moet kan visualiseer wat gelees word.

Leerders moet aanhou lees al verstaan hulle nie sekere dele nie.

Leerders lees gedeeltes weer oor indien hulle dit glad nie verstaan nie. Lees dele hardop en teen ’n stadiger tempo indien inhoud verwarrend is.

## DIE LEESPROSES

Die leesproses bestaan uit **prelees**, **tydens lees** en **postlees.** Aktiwiteite sluit die volgende in:

### Prelees

- Aktiveer bestaande kennis.
- Stel vas wie die bron, die skrywer en wat die verskyningsdatum is.
- Lees die eerste en laaste paragrawe van ’n afdeling.
- Maak afleidings.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wie het die boek geskryf?
2. Wie het die illustrasies geteken?
3. Wie is die uitgewer van die boek?
4. Teken die uitgewer se logo oor.
5. Skryf die ISBN nommer neer.
6. Wat is die titel van die boek? Kies die korrekte antwoord.
   a) Die vloek van Vreesbaai
   b) Grilgrypers.
7. Kyk na die lettertipe van die titel van die boek. Op watter manier dui dit aan dat hierdie boek ‘n grilboek is?
8. Kyk na die prentjie op die voorblad. Watter gevoel of emosie wek dit by jou op? Motiveer jou antwoord.
9. Lees die agterbladteks.
   a. Wie dink jy is die hoofkarakter (protagonis) van die boek
   b. Wie dink jy gaan die antagonis wees?
   c. Wat dink jy is die tema van die boek?
   d. Pas die illustrasie (prentjie) by die teks? Gee redes vir jou antwoord?
   e. Dink jy Vreesbaai is ’n gepaste naam vir die dorpie? Motiveer jou antwoord.
   f. Voel jy lus om die boek te lees ná jy die teks gelees het? Motiveer jou antwoord.
10. Hoe weet jy dat die boek deel van ’n reeks is?
11. Hoe weet jy dat *Die vloek van Vreesbaai* die eerste boek in die reeks is?
12. Gaan na De Wet Hugo se webtuiste met die volgende skakel: https://dewethugo.co.za/kinders/. Hoeveel boeke is daar in die reeks?

**Tydens lees**

- Neem ruspouses om leerders se begrip te toets en idees te laat insink.
- Vergelyk die inhoud met wat afgelei is.
- Maak gebruik van die inhoud om waar moontlik die betekenis van onbekende woorde vas te stel, anders kan ’n woordeboek gebruik word.
- Leerders moet kan visualiseer wat gelees word.
- Leerders moet aanhou lees al verstaan hulle nie sekere dele nie.
- Leerders lees gedeeltes weer oor indien hulle dit glad nie verstaan nie. Lees dele hardop en teen ’n stadiger tempo indien inhoud verwarrend is.
- Leerders kan ’n maat vra om te help om moeilike gedeeltes te verstaan.
- Maak notas van hoofpunte.
- Leerders lewer verslag oor wat gelees is.

**Beantwoord die volgende vrae:**

Lees Hoofstuk 1.

1. Hoekom sweet Miek in paragraaf 1?
2. Bly Miek en sy familie al lank in Vreesbaai?
3. Watter sport beoefen Miek?
4. Hoekom is Miek spyt dat hy nie in die wintervakansie geoefen het nie?
5. Noem twee redes waarom Miek onrustig voel oor die kusdorpie waar hy bly.
6. Ervaar Miek en sy ouers die dorp op dieselfde manier? Gee twee voorbeelde om jou antwoord te motiveer.
7. Hoekom word Miek skielik bang terwyl hulle in die oggend draf?
8. Wat sien Miek wat hom keer om om te draai en terug huis toe te hardloop?
9. Haal twee bewyse aan uit bladsy 3 wat abnormaal is aan die gedierte wat Miek sien.
10. Wat het gebeur toe Miek 4 jaar oud was, en watter invloed het dit op Miek se lewe?
11. Hoekom sê Miek nie vir sy pa wat hy gesien het nie?
12. Hoekom is Miek skaamkwaad?
13. Hoekom slaan Miek se lyf in hoendervleis uit?
14. Hoe voel Miek toe hy by die huis moet ingaan?

**Post-lees**

- Ontwerp ’n grafiese voorstelling (kopkaart/diagram) of wys hoofgedagtes uit en maak ’n paar ondersteunende notas om spesifieke inligting later te herroep.
- Maak afleidings.
- Maak 'n opsomming om hoofgedagtes te kan herroep.
- Leerders dink na oor die onderwerp en stel nuwe vrae daaroor saam.
- Leerders vra vrae om vas te stel of hulle hul doel bereik het.
- Leerders stel vas of hulle die teks verstaan.
- Evalueer die kwaliteit en inhoud van die teks, en vooroordeel of partydigheid.
- Leerders verbreed hul denkvermoë – gebruik idees wat in die teks voorkom.

(Uit: *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring - Intermediêre fase Graad 4-6 bladsy 10, 11)*

**<u>Praktiese Oefening:</u>**

Lees hoofstuk een en beantwoord die volgende vrae. Jy mag nie net “ja” of “nee” skryf nie. Jy moet elke keer jou antwoord motiveer.

1. Som die hoofstuk op in drie sinne.
2. Teken Miek se familieboom.
3. Hoekom het Miek ’n vrees vir honde?
4. Hoe voel Miek oor sy vrees?
5. Is Miek se vrees vir honde ’n fobie?
6. Kyk weer na die prelees vrae.
    a. Wie dink jy is die antagonis van die verhaal?
    b. Wat dink jy is die tema van die verhaal?
    c. Dink jy Vreesbaai is ’n gepaste naam vir die dorpie?

# AFDELING B: TYDENS LEES

## Hoofstuk 1 (Bladsy 1)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

| |
|---|
| **Ruimte**: |
| **Tyd**: |
| **Karakters**: |
| **Som die verhaal in drie sinne op**: |

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wie het saam met Miek gedraf?
2. Skryf EEN woord neer vir "vroeg in die oggend".
3. Waarom moet hulle bokse uitpak?
4. Lees die volgende:
   "Hy begin verder in die donker, mistige straat afstap. Sy bene voel soos jellie. Hy's spyt hy het die hele wintervakansie niks geoefen nie."
   a. Hoe sal jy voel as jy in hierdie straat afstap? Gee redes vir jou antwoord.
   b. Skryf 'n voorbeeld van 'n vergelyking neer.
   c. Watter twee sake word met mekaar vergelyk?
   d. Verduidelik wat die figuurlike betekenis van hierdie vergelyking is.
   e. Watter seisoen is dit nou in Vreesbaai?
   f. Waarom is Miek spyt dat hy nie geoefen het nie?
5. Watter twee dinge maak Miek onrustig oor Vreesbaai?
6. Lees die volgende:
   "Hy hoor voetstappe nader kom."
   a. Wie se voete het Miek gedink hoor hy?
   b. Waarom kon Miek nie die figuur duidelik sien nie?
7. Beskryf Miek se reaksie op die geknor van die hond op die paadjie.
8. Skryf die intensiewe vorm neer wat bewys dat "nie eens 'n blaartjie geroer het nie."
9. Skryf die twee woorde neer wat die hond se oë beskryf.
10. Soek 'n sin in Hoofstuk 1 wat bewys dat Miek bang is.
11. Verduidelik kortliks waar Miek se vrees vir honde vandaan kom.

12. Gebruik die PIV metode om die volgende stelling te bewys:

    **Miek het nog nie sy vrees vir honde oorkom nie.**

| |
|---|
| Die **Punt-Illustrasie-Verduideliking metode** (PIV) werk as volg:<br>**Stap 1**: Maak ’n stelling (punt), bv. *Miek is moeg.*<br>**Stap 2**: Kies ’n aanhaling uit die boek om die stelling te motiveer (illustrasie), bv. *“Sweet drup van Miek se voorkop af en brand in sy oë.”*<br>**Stap 3**: Verduidelik hoekom jou illustrasie jou punt bewys bv. *Wanneer mens strawwe oefening doen, sweet ’n mens. Die feit dat Miek sweet beteken dat hy strawwe oefening gedoen het, en dat hy moeg is.* |

13. Teken die volgende tabel in jou boek oor, en voeg ná elke hoofstuk die nuwe inligting by:

| **Karakter** | **Biografiese inligting (Ouderdom en familie)** | **Waarvoor is die karakter bang?** | **Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees?** | **Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees?** |
|---|---|---|---|---|
| Miek | 13 jaar oud | | | |
| | | | | |

## Hoofstuk 2 (Bladsy 6)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

| |
|---|
| **Ruimte**:<br>**Tyd**:<br>**Karakters**:<br>**Opsomming**: |

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Voltooi die sin: Die naam “Miek” is ’n verkorting van . . .
2. Lees die volgende stelling:

    **Miek is die enigste kind in sy gesin.**

    a. Is die stelling *waar* of *onwaar*?
    b. Gee ’n rede vir jou antwoord.
3. Miek hou baie van sy nuwe juffrou. Gee ’n beskrywing van juffrou Botha. (Noem drie kenmerke)
4. Wie het nie Juffrou Botha se opdrag uitgevoer om die leesboek uit te haal nie?
5. Dink jy die seun se reaksie (om sy tong te klap) op juffrou Botha se opdrag is reg? Motiveer jou antwoord.
6. Bewys die volgende stelling deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13):

    **Almal het geskrik vir die donderweer.**

7. Wat het Miek in die glas op Juffrou Botha se tafel gesien?
8. Die kinders het skielik opgespring en by die klas uitgestorm. Waarom?

## Hoofstuk 3 (Bladsy 11)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**:

**Tyd**:

**Karakters**:

**Opsomming**:

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Skryf twee redes neer waarom Miek se pa sê dat hulle van nou af baie vis gaan eet.
2. Lees die volgende uittreksel:

   "Jislaaik, daar insult jy my nou!"

   a. Wie praat hier?
   b. Met wie praat die persoon?
   c. Watter noemnaam gebruik die persoon wat praat vir homself?
   d. Watter noemnaam gebruik die persoon wat praat vir die persoon met wie hy gepraat het?
   e. Skryf 'n goeie Afrikaanse woord neer vir "insult".
3. Hoekom is Donovan by die hawe?
4. Wat het Miek en sy pa by die hawe gaan maak?
5. Soek 'n voorbeeld van 'n idioom in hoofstuk drie.
   a. Skryf die idioom en die letterlike betekenis daarvan neer.
   b. Hoekom het Miek die idioom gebruik? *(Wenk: verwys na die figuurlike betekenis van die idioom)* Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
6. Noem twee fisieke tekens dat Donovan bang is.
7. Hoekom dink Miek nie meer dat die monsterhond net deel van sy verbeelding is nie?
8. Dink jy Miek en Donovan is bang vir dieselfde ding? Motiveer jou antwoord.

## Hoofstuk 4 (Bladsy 14)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**:

**Tyd**:

**Karakters**:

**Opsomming**:

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat het Miek laat wakker skrik?
2. Hoe oud is Miek se sussie?
3. Miek noem sy sussie "soms ’n regte klein pes". Hoekom pas sy woorde nie by sy aksies nie (ironies)?
4. Die leser kom agter Donovan is lief om mense byname te gee.
   a. Watter bynaam gee hy vir Sumari?
   b. Hoekom gee hy vir haar hierdie bynaam?
   c. Dink jy Sumari hou van die bynaam? Motiveer jou antwoord.
5. Lees die volgende stelling:

   **Lisa (iPod-meisie) en haar gesin woon al drie jaar op Vreesbaai.**

   a. Is die sin *waar* of *onwaar*?
   b. Gee ’n rede vir jou antwoord deur **’n gedeelte van ’n sin** vanuit die hoofstuk aan te haal. (Onthou jou aanhalingstekens.)
6. Lisa het ook ’n vrees.
   Bewys hierdie stelling as *waar* of *onwaar* deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).

## Hoofstuk 5 (Bladsy 17)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**:

**Tyd**:

**Karakters**:

**Opsomming**:

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Skryf ’n sin uit bladsy 17 neer wat die milieu (ruimte/plek) bevestig.

2. Hoe weet ons dat Lisa in 'n goeie bui is aan die begin van die hoofstuk?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
3. Op bladsy 18 leer ons meer van Lisa ken.
   a. Skryf twee fisieke eienskappe van Lisa neer.
   b. Watter drie eienskappe van Lisa maak haar perfek volgens Miek?
4. Hoekom het Lisa Enya se musiek nodig om te ontspan?
   Verwys na die laaste paragraaf op bladsy 22.
5. Gebruik 'n aanhaling van Donovan om te bewys dat dit heeltyd mistig is. (Onthou jou aanhalingstekens.)
6. Hoe gebruik Donovan die voortdurende mistigheid?
7. Watter belofte maak Miek aan Lisa?
8. Voeg die nuwe inligting vanuit hoofstuk 5 by jou tabel wat jy in hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

## Hoofstuk 6 (Bladsy 23)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**:

**Tyd**:

**Karakters**:

**Opsomming**:

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Miek het aspris sy sussie, Jana, geskop. Is die stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
2. Wat sê Miek se ma wat aandui dat sy bekommerd is oor hom?
3. Noem twee aksies wat Miek se ma neem wat bewys dat sy vir hom lief is.
4. Hoe probeer Miek se ma hom help?
5. Hoe kry Miek se ma dit reg dat hy die hulp sal aanvaar?
6. Hoekom is Miek spyt dat hy vir sy ma vertel het oor sy vrees?

## Hoofstuk 7 (Bladsy 27)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**:

**Tyd**:

**Karakters**:

**Opsomming**:

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Waar woon Donovan?
2. Miek het presies geweet waar Donovan woon. Is hierdie stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
3. Donovan stel voor hy en Miek gaan sit onder in die pad. Waarom nooi hy nie vir Miek binne nie?
4. Hoekom luister Miek nie as Donovan praat oor die meisie van wie hy hou nie?
5. Watter gebaar gebruik Miek om Donovan gerus te stel?
6. Hoekom is Donovan huiwerig om vir Miek te vertel wat hom bang gemaak het?
7. Donovan se vrees is gebaseer op ’n dier. Wat is die verskille tussen Donovan se vrees en hierdie soort dier in die werklikheid?
   Noem drie.
8. Voeg die nuwe inligting vanuit hoofstuk sewe by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

## Hoofstuk 8 (Bladsy 30)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom is Lisa bly dat sy en Miek nou bure is?
2. Wat laat Lisa dink dat daar groot moeilikheid kom?
3. Hoekom het die skool se beheerliggaam besluit om die skool te sluit?
4. Sumari het Frans le Roux goed geken. Is die stelling waar of onwaar?
   Gebruik ʼn aanhaling om jou antwoord te staaf. (Onthou jou aanhalingstekens.)
5. Miek is nou finaal oortuig Sumari floreer op tragedies soos hierdie.
   Bewys hierdie stelling korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
6. Daar is ʼn nota naby Frans se lyk gevind.
   a. Wat het op die nota gestaan?
   b. Wie het die nota geskryf?
   c. Op watter manier pas die nota by dit waarmee Miek, Lisa en Donovan sukkel?

## Hoofstuk 9 (Bladsy 35)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom dink Miek dat Sumari besig is om haar foon "warm te tik"?
2. Wat doen Miek ná hy op sy bed neergeval het?
3. Lisa beskryf haar hond. Hoe kom Lisa se beskrywing ooreen met die monsterhond wat Miek heeltyd sien?
4. Ná sy gesprek met Lisa het Miek ʼn ervaring met die monsterhond.
   Hoekom sal jy sê dat die monsterhond nie ʼn regte hond is nie?
5. Miek se ma het geweet dat sy moet huis toe kom. Is die stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
6. Verduidelik hoe Miek weet dat dit nie Lisa was met wie hy netnou oor die foon gepraat het nie.

## Hoofstuk 10 (Bladsy 41)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Watter drie dinge maak dit vir Miek ongemaklik om met meneer Swart te praat?
2. Meneer Swart is sarkasties en ongeduldig. Is hierdie stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
3. Dink jy dat meneer Swart regtig vir Miek wil help?
   Gebruik twee aanhalings uit die hoofstuk om jou antwoord te staaf.
4. Hoe sou jy voel as ’n sielkundige jou hanteer soos wat meneer Swart vir Miek hanteer?
5. Wat dink jy oor die feit dat meneer Swart soveel detail oor Frans se dood weet?

## Hoofstuk 11 (Bladsy 47)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom dink jy het Miek die parkie gekies om die ernstige gesprek met Lisa en Donovan te voer?
2. Verduidelik met verwysing na die teks hoekom Miek vir Lisa en Donovan van sy vrees vertel.
3. Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om te bewys dat Donovan skaamkry oor sy vrees.
4. Stem jy saam met Miek dat daar iets bonatuurliks aan die gang is?

## Hoofstuk 12 (Bladsy 51)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Verduidelik hoekom Miek, Lisa en Donovan vir Sumari nader.
   Gebruik 'n aanhaling uit die teks om jou antwoord te staaf.
2. Hoekom wil Miek hê dat juffrou Botha moet loop?
3. Hoekom het Miek skielik opgespring ná hy gehoor het van die vierjarige se vrees?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
4. Wat dink jy beteken dit dat al vier tieners na meneer Swart toe gaan vir sielkundige hulp?
5. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 12 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

## Hoofstuk 13 (Bladsy 57)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Waarmee is Jana besig toe Miek by haar kamer aankom?

2. Hoekom besluit Miek om met Jana te praat?
3. Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om te bewys dat Jana nie van Vreesbaai hou nie.
4. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 13 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| **Karakter** | **Biografiese inligting (Ouderdom en familie)** | **Waarvoor is die karakter bang?** | **Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees?** | **Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees?** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

## Hoofstuk 14 (Bladsy 59)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat kan jy aflei uit die volgende aanhaling op bladsy 60?

   "Wat...soek...julle?" vra hy in só 'n koue stem dat Miek vir 'n oomblik dink hulle moet maar eerder gaan. Maar dan onthou hy van sy sussie.

2. Die skrywer sê dat Miek nie verbaas sou wees as Sumari eendag 'n Oscar wen nie.
   Bewys die bogenoemde stelling korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
3. Hoe het meneer Swart hierdie keer die kinders gehelp?
4. Dink jy die kinders is nog sonder hoop aan die einde van die hoofstuk? Motiveer jou antwoord.

## Hoofstuk 15 (Bladsy 64)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom maak Miek en Lisa 'n Facebook-blad?
2. Noem twee goed waaroor Miek en Lisa praat terwyl hulle wag.
3. Jean Naudé probeer keer dat Miek en Lisa te hoopvol raak. Is die stelling waar of onwaar? Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
4. Verduidelik hoekom Miek en Lisa bang word as gevolg van die tweede boodskap.

## Hoofstuk 16 (Bladsy 70)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom voel Miek meer druk as gewoonlik toe die oefening begin?
2. Miek word verneder in die middel van die oefening. Verduidelik hoe dit gebeur.
3. Die situasie in Vreesbaai word erger.
   Bewys hierdie stelling korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
   (NB: Jy mag nie die aanhaling dat dinge begin vererger gebruik nie.)

## Hoofstuk 17 (Bladsy 78)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Om watter rede gaan die vier vriende na die koffiewinkel toe?
2. Is Jean Naudé die helper se regte naam? Motiveer jou antwoord.
3. Wat beteken die idioom om **agter die kap van die byl te kom**?

4. Bewys deur van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) gebruik te maak dat Jean Naudé ongemaklik is met juffrou Botha.
5. Wat probeer Jean Naudé vir Miek beduie?
6. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 17 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| **Karakter** | **Biografiese inligting (Ouderdom en familie)** | **Waarvoor is die karakter bang?** | **Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees?** | **Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees?** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

## Hoofstuk 18 (Bladsy 85)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Waarom wil Lisa en Donovan nie inkom nie?
2. Volgens Donovan is iets vreemd. Wat is die iets?
3. Baasspeurder Sumari het twee goed oor juffrou Botha aan haar vriende uitgewys. Wat was die twee goed?
4. Wat dink jy beteken die antwoord op Vraag 3?

## Hoofstuk 19 (Bladsy 89)

Voordat jy die vrae antwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Om watter rede moet die vier vriende vir Engela by die hawe ontmoet?
   Maak gebruik van die PIV-metode (voorbeeld op bl.13) om die vraag te antwoord.
2. Hoe voel Donovan oor die feit dat hulle vir Engela by die hawe moet ontmoet?
   Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.
3. Engela voel dat die kinders nie sal verstaan hoekom sy by die koffiewinkel haar uit die voete gemaak het nie. Wat doen die vier vriende om haar gerus te stel?
4. Verduidelik hoe die skrywer Engela se emosies duidelik maak nadat Donovan vir haar sê dat juffrou Botha haar in die koffiewinkel herken het.
5. Hoekom vra Sumari vir Engela oor juffrou Botha se hangertjie?

## Hoofstuk 20 (Bladsy 93)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Beskryf die reaksie wat meneer Swart toon toe hy sien dat die vier vriende weer by sy huis is.
2. Meneer Swart is verbaas dat die vier vriende sy raad gevolg het.
   Bewys hierdie stelling as korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl.13).
3. Gee een woord op bladsy 94 wat dui daarop dat meneer Swart beleefd en goedgemanierd optree.
4. Hoekom is die kinders so verbaas dat meneer Swart nou so optree?
5. Waarom kan die vier vriende en Engela nie tevrede wees met die wete dat die teistering stop op die ouderdom van agtien nie? Verduidelik jou antwoord op twee maniere:
   a. 'n Aanhaling uit Hoofstuk 20.
   b. 'n Gebeurtenis wat vroeër in die verhaal gebeur het.
6. Een van die leidrade wat die kinders opgemerk het is dat juffrou Botha dieselfde hangertjie dra.
   a. Na watter bekende kunswerk verwys juffrou Botha se hangertjie?
   b. Hoekom dink jy is die simbool op juffrou Botha se hangertjie belangrik?
7. Wat beteken dit **om jouself voor te doen**?
8. Engela onthou iets nadat meneer Swart vir hulle verduidelik waarna die hangertjie verwys.
   a. Verduidelik in jou eie woorde wat sy onthou.
   b. Watter idee skep hierdie kennis by die leser?

## Hoofstuk 21 (Bladsy 99)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Lisa draai die sleutel en die slot beweeg.
   a. Wat is ’n loper?
   b. Waar het Lisa die sleutel gekry? Gebruik ’n aanhaling uit bladsy 99 om jou antwoord te staaf.
   c. Haal ’n woord uit bladsy 99 aan wat Miek se emosie duidelik maak.
2. Wat is in die middel van die vertrek?
3. Hoekom lê al vier vriende op die grond?
4. Die vier vriende is baie ontsenu deur dit wat hulle op die mure sien.
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die stelling korrek te bewys.
5. Elke kind se foto gaan met ’n DNS-monster (*DNA sample*) gepaard.
   Noem elkeen se spesifieke DNS-monster.
6. Verduidelik hoekom Miek nie wil loop toe hulle die hoofingang se deur hoor nie.
7. Tot watter besef kom die vier vriende toe hulle buite kom?

## Hoofstuk 22 (Bladsy 105)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom hoef die kinders nie bekommerd te wees dat hulle ouers sal agterkom dat hulle by hul huise uitgesluip het nie?
2. Sumari is nie aan die begin van Hoofstuk 22 by die ander drie nie. Waar is sy?

3. Wat gee jou die idee dat juffrou Botha nog nooit in hierdie kamer was nie? Noem twee dinge.
4. Haal ’n sin aan uit bladsy 106 wat bewys dat juffrou Botha ook bang is.
5. Hoekom is Miek agterdogtig toe meneer Swart daar opdaag?
6. Donovan gee vir almal byname. Is die naam Mystique gepas? Vind meer uit oor die X-Men filmreeks.
7. Wat is meneer Swart/Frans le Roux se regte naam?
8. Wat is die verbintenis tussen juffrou Botha en die boosaard?
9. Hoekom was Frans le Roux by die skool?
10. Is die volgende stelling *waar* of *onwaar*: **Meneer Swart het die kinders gehelp**.
    Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl.13) om die vraag te beantwoord.
11. Verduidelik hoe Miek sy foto en DNS-monster gebruik om die monsterhond te beheer.
12. Hoe verduidelik die boosaard hoekom sy die kinders van Vreesbaai so laat ly het?
13. Verduidelik die wending wat plaasvind op bladsy 113.

## Hoofstuk 23 (Bladsy 114)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:**

**Tyd:**

**Karakters:**

**Opsomming:**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat veroorsaak dat Miek en Lisa niks kan sien nie?
2. Hoe probeer Miek vir Lisa bemoedig?
3. Watter opdrag gee Miek aan Lisa?
4. Wat gebeur met die mis toe Engela die kamer betree?
5. Verduidelik Miek se plan volledig. Onthou om die deel van die plan in Hoofstuk 22 in te sluit.
6. Ambrosia se huidige pseudoniem (skuilnaam) is juffrou Botha.
   Noem drie ander pseudonieme wat sy gebruik het.
7. Watter effek het die volwassenes op die mis?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl.13) om die vraag te beantwoord.
8. Engela sê dat Ambrosia uiteindelik weet hoe almal in Vreesbaai vir so lank gevoel het.
   Hoekom sê sy dit?
9. Wat veroorsaak dat Ambrosia al hoe ouer word?
10. Hoe verseker Miek dat daar nie meer mis in Vreesbaai is nie?
11. Hoe maak die skrywer dit duidelik dat Miek verleë is?

## Hoofstuk 24 (Bladsy 120)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

| |
|---|
| **Ruimte:** |
| **Tyd:** |
| **Karakters:** |
| **Opsomming:** |

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. **Miek en Lisa ervaar die verligting op dieselfde manier**. Is die stelling *waar* of *onwaar*?
   Motiveer met verwysing na die teks.
2. Lees die volgende aanhaling:

   Lisa lag hard. "As jy vra wat ek dink jy vra, is die antwoord ja," sê sy.

   Wat vra Miek?
3. Miek se gemoedstoestand verander skielik.
   a. Hoe verander dit?
   b. Hoekom verander dit?
4. Dink jy hierdie boek is 'n riller of 'n gruwelverhaal? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks.
5. Met die wete dat daar 'n tweede Grilgrypers boek is, sou jy dit wil lees? Hoekom of hoekom nie?

# AFDELING C: POST-LEES

## Opsommings per hoofstuk

### Hoofstuk 1 (bl. 1 – 5):

Miek en sy pa draf in die oggend, maar Miek se pa hardloop vinniger as Miek. Toe Miek sy pa roep, sien en hoor hy ’n monsteragtige hond. Miek voel te bang om vir sy pa te sê waarom hy geskree het.

### Hoofstuk 2 (bl. 6 – 10):

Miek ontmoet sy nuwe onderwyseres, juffrou Botha. Miek sien die monsterhond in die juffrou se glas. Miek skrik vir die geknor van die monsterhond, terwyl die res van die klas vir donderweer skrik.

### Hoofstuk 3 (bl. 11 – 13):

Miek en sy pa gaan na die hawe toe om vis te koop. Miek loop vir Donovan raak en besluit dat hy met Donovan vriende wil wees. Terwyl Miek vir Donovan na sy huis toe nooi, word Donovan bang vir iets en hardloop weg.

### Hoofstuk 4 (bl. 14 – 16):

Miek leer meer van Sumari, Donovan en Lisa ken. Miek maak seker dat sy vyfjarige sussie veilig by haar klas uitkom. Lisa laat Miek met ‘n onheilspellende stelling.

Annie Warbucks: https://en.wikipedia.org/wiki/Annie_Warbucks

### Hoofstuk 5 (bl. 17 – 22):

Ná skool stap Miek en Lisa saam huis toe. Terwyl hulle stap, spring Donovan uit die mis om hulle skrik te maak. Lisa erken aan Miek dat sy deur haar grootste vrees geterroriseer word.

### Hoofstuk 6 (bl. 23 – 26):

Miek skop per ongeluk sy sussie onder die kombuistafel raak. Miek se ma luister sonder veroordeling na wat met Miek aangaan. Miek word deur sy ma oorreed om ’n berader te gaan sien.

### Hoofstuk 7 (bl. 27 – 29):

Miek gaan soek vir Donovan by sy huis. Hy kom agter dat Donovan ook ’n vrees het, maar Miek hou sy eie vrees geheim. Miek oorreed Donovan om hom oor sy vrees te vertel.

### Hoofstuk 8 (bl. 30 – 34):

Sumari vertel vir Miek, Lisa en Donovan oor hul skoolmaat se dood. Juffrou Botha laat die kinders weet dat die skool vir die dag gesluit is, omdat hul skoolmaat deur ’n modder-monster vermoor is. Miek merk op dat juffrou Botha ’n hangertjie dra wat ’n walglike gesig toon.

### Hoofstuk 9 (bl. 35 – 40):

Miek kom by die huis aan en besluit om terug te klim in die bed. Terwyl hy met Lisa oor die foon praat, hoor en sien hy die monsterhond by elke uitgang en ook in die huis. Miek se ma kom terug en smeek hom om die berader te gaan sien.

### Hoofstuk 10 (bl. 41 – 46):

Miek gaan sien vir meneer Swart, maar hy vind die ou sielkundige baie onaangenaam en wil so gou as moontlik daar wegkom. Meneer Swart verbaas Miek egter deur te sê hy glo hom dat die monsterhond by hom spook. Meneer Swart se notas oor die onderhoud is baie eienaardig.

### Hoofstuk 11 (bl. 47 – 50):

Miek, Lisa en Donovan ontmoet by die speelparkie naby aan die strand. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat al drie van hulle deur verskillende monsters geteister word. Dit laat Miek wonder of iets vreemds op Vreesbaai nie dalk veroorsaak dat al die kinders daar hulle grootste vrees moet trotseer nie.

**Hoofstuk 12 (bl. 51 – 56):**

Miek, Lisa en Donovan vra vir Sumari of sy weet of ander kinders ook hul grootste vrese moet trotseer. Hulle kom agter dat dit nie net tieners is wat geaffekteer word nie. Hulle besef dat al vier van hulle dieselfde berader sien.

**Hoofstuk 13 (57 – 58):**

Miek besef dat daar ’n kans is dat Jana ook ’n vrees het. Hy vra haar of sy ’n vrees het. Jana sê vir Miek dat sy wel ’n vrees het.

**Hoofstuk 14 (bl. 59 – 63):**

Miek, Lisa, Sumari en Donovan gaan konfronteer meneer Swart oor die feit dat hy die berader is vir al die kinders in Vreesbaai. Meneer Swart erken aan hulle dat hy nou al vir dekades probeer om agter die kap van die byl te kom. Hy raai die kinders aan om te probeer om mense wat Vreesbaai oorleef het te kontak.

**Hoofstuk 15 (bl. 64 – 69):**

Miek en Lisa skep ’n Facebook-blad om mense wat Vreesbaai oorleef het op te spoor. Hulle kry vinnig ’n boodskap van iemand genaamd Jean Naudé. Kort daarna kry hulle nog ’n boodskap, maar hierdie keer is dit ’n kombinasie van albei se vrese.

**Hoofstuk 16 (bl. 70 – 77):**

Terwyl Miek rugby oefen, sien hy die monsterhond. Hy voel so skaam dat hy weghardloop, maar Lisa jaag hom en sê vir hom dat almal behalwe die afrigter ook die monsterhond gesien het. Daarna sien Miek Lisa se vrees, en Donovan en Sumari sien mekaar se vrese.

**Hoofstuk 17 (bl. 78 – 84):**

Die vier vriende ontmoet Jean Naudé, wie se naam eintlik Engela is, in ’n koffiewinkel. Die vier vertel Engela van hul vrese, en sy vertel hulle van hare, en Engela belowe om te probeer om die probleem op te los. Juffrou Botha, met haar aaklige hangertjie, val hulle in die rede, en toe Engela haar hand geskud het, verskoon sy haarself skielik en raai Miek aan om te hardloop.

**Hoofstuk 18 (bl. 85 – 88):**

Miek, Lisa en Donovan gaan ontmoet Sumari by die dorpsmuseum. Sumari het bewyse gekry dat juffrou Botha al van 1914 af ’n onderwyser by die hoërskool is. Sumari kom ook agter dat die walglike hangertjie in elke foto om haar nek is.

**Hoofstuk 19 (bl. 89 – 92):**

Engela ontmoet die vier vriende by die hawe. Hulle wys vir haar die bewyse wat Sumari by die museum gekry het. Sy bevestig dat juffrou Botha destyds ook net so jonk gelyk het, en die aaklige hangertjie gedra het.

**Hoofstuk 20 (bl. 93 – 98):**

Die vier vriende vat Engela na meneer Swart toe om raad te vra, en Miek is verbaas oor hoe drasties meneer Swart se geaardheid verander toe hy vir Engela ontmoet. Meneer Swart lig hulle in dat die hangertjie op *The Scream* gebaseer is. Ná Engela onthou het van ’n geslote deur in die skoolbiblioteek, raai meneer Swart hulle aan om ondersoek in te stel.

**Hoofstuk 21 (bl. 99 – 104):**

Die vier vriende ondersoek die kamer en sien hul vrese in die mistige glaskolom. Daarna sien hulle op die muur ’n foto met ’n DNS-monster van elke kind onder agtien in Vreesbaai. Hulle haal hul foto’s en DNS-monsters van die muur af, maar hulle moet weghardloop voordat Miek sy sussie s’n kan opspoor.

**Hoofstuk 22 (bl. 105 – 113):**

Terwyl Miek, Donovan en Lisa gereed maak om juffrou Botha te konfronteer, lok Sumari haar na die kamer toe. Tot al vier se verbasing, weet juffrou Botha nie wat aangaan nie, en is meneer Swart ‘n vormwisselaar met die naam Ambrosia wie se oorspronklike vorm nes juffrou Botha s’n lyk omdat juffrou Botha Ambrosia se afstammeling is. Hulle leer dat die

mis deur die kinders se vrees gevorm word, en dat die mis Ambrosia jonk hou, maar nes die kinders dink dat hulle haar baasgeraak het, kom Miek agter dat sy plan misluk het.

### Hoofstuk 23 (bl. 114 – 119):

Nes Ambrosia dink dat sy gewen het, kom Engela saam met ’n groep volwassenes wat Vreesbaai oorleef het en help om Ambrosia te oorrompel. Daarna word ’n vuur gemaak en al die kinders se foto’s en DNS-monsters word in die vuur gegooi, en hoe meer foto’s en DNS-monsters verbrand word, hoe meer verminder die mis en hoe swakker word Ambrosia. Omdat Miek die een is wat die hele plan gemaak het, slaan hy die glaskolom stukkend, wat al die mis in Vreesbaai laat opklaar.

### Hoofstuk 24 (bl. 120 – 123):

Miek en Lisa stap saam huis toe. Oppad vra Miek vir Lisa om met hom uit te gaan. Toe hy by sy huis kom, kry hy die onheilspellende nuus dat Jana se vrees nie weg is nie.

# MEMORANDA

**Prelees Praktiese Oefening:**

1. Wie het die boek geskryf?
   **De Wet Hugo.**
2. Wie het die illustrasies geteken?
   **Shân Fischer.**
3. Wie is die uitgewer van die boek?
   **Human & Rousseau.**
4. Teken die uitgewer se logo oor.
5. Skryf die ISBN nommer neer.
   **978-0-7981-7675-0**
6. Wat is die titel van die boek? Kies die regte opsie:

   **a) Die vloek van Vreesbaai**
7. Kyk na die lettertipe van die titel van die boek. Op watter manier dui dit aan dat hierdie boek 'n grilboek is?
   **Dit lyk soos verf wat afgekrap is en dit skep die idee dat dit al oud is.**
8. Kyk na die prentjie op die voorblad. Watter gevoel of emosie wek dit by jou op? Motiveer jou antwoord.
   **Eie antwoord. Noem die wolf se dreigende houding en die seun se postuur.**
9. Lees die lokteks op die agterkant van die boek.
   a. Wie dink jy is die hoofkarakter van die boek? (protagonis)
      **Miek.**
   b. Wie dink jy gaan die antagonis wees?
      **Die kwaai hond.**
   c. Wat dink jy is die tema van die boek?
      **Vrees.**
   d. Pas die illustrasie (prentjie) by die lokteks? Hoekom of hoekom nie?
      **Ja, want in die lokteks verwys hulle na die monsterhond wat op die voorblad is.**
   e. Dink jy Vreesbaai is 'n gepaste naam vir die dorpie? Hoekom of hoekom nie?
      **Eie antwoord.**
   f. Voel jy lus om die boek te lees ná jy die lokteks gelees het?
      **Eie antwoord.**
10. Hoe weet jy dat die boek deel van 'n reeks is?
    **Die boek verwys na die Grilgrypers-reeks.**
11. Hoe weet jy dat *Die vloek van Vreesbaai* die eerste boek in die reeks is?
    **Dit verwys na die volgende twee boeke in die reeks.**
12. Gaan na De Wet Hugo se webtuiste met die volgende skakel: https://dewethugo.co.za/kinders/. Hoeveel boeke is daar in die reeks?
    **Sewe.**

**Tydens lees: Praktiese oefening:**

Lees Hoofstuk 1. Motiveer elke keer jou antwoord vanuit die konteks van die hoofstuk.

1. Hoekom sweet Miek in paragraaf een?
   **Hy is besig om te draf.**
2. Bly Miek en sy familie al lank in Vreesbaai?
   **Nee, dis hulle eerste oggend.**
3. Watter sport beoefen Miek?
   **Rugby**
4. Hoekom is Miek spyt dat hy nie in die wintervakansie geoefen het nie?
   **Hy is nou onfiks. Die ander seuns gaan reeds fiks wees.**
5. Noem twee redes waarom Miek onrustig voel oor die kusdorpie waar hy bly.
   **Die konstante mis en die naam "Vreesbaai".**
6. Ervaar Miek en sy ouers die dorp op dieselfde manier? Gee twee voorbeelde om jou antwoord te motiveer.
   **Nee, Miek voel ongemaklik daar, maar sy ma praat alewig oor watter soort blomme mooi sal groei, en sy pa praat heeltyd oor hoe lekker dit is om by die see te bly.**
7. Hoekom word Miek skielik bang terwyl hulle in die oggend draf?
   **Hy hoor 'n gromgeluid, en dit herinner hom aan sy vrees.**
8. Wat sien Miek wat hom keer om om te draai en terug huis toe te hardloop?
   **Twee rooi kolletjies wat soos oë lyk.**
9. Haal twee goed aan uit bladsy 3 wat abnormaal is aan die gedierte wat Miek sien.
   **Oë wat soos kooltjies gloei, grootte van die hond, tande soos lang skerp messe.**
10. Wat het gebeur toe Miek 4 jaar oud was, en watter invloed het dit op Miek se lewe?
    **Hy is deur 'n rottweiler gebyt, en nou het hy 'n vrees vir honde.**
11. Hoekom sê Miek nie vir sy pa wat hy gesien het nie?
    **Want hy wil nie hê hy moet dink hy is 'n bangbroek nie *of* sy pa dink dat hy lankal oor sy vrees moes gekom het.**
12. Hoekom is Miek skaamkwaad?
    **Hy het sy verbeelding met hom laat weghardloop.**
13. Hoekom slaan Miek se lyf in hoendervleis uit?
    **Hy dink hy word dopgehou.**
14. Hoe voel Miek toe hy by die huis moet ingaan?
    **Hy voel bang.**

**Postlees: Praktiese oefening:**

Lees Hoofstuk 1 en beantwoord die volgende vrae. Jy mag nie net "ja" of "nee" skryf nie. Jy moet elke keer jou antwoord motiveer.

1. Som die hoofstuk op in drie sinne.
   **Miek en sy pa draf in die oggend, maar Miek se pa hardloop vinniger as Miek. Toe Miek sy pa roep, sien en hoor hy 'n monsteragtige hond. Miek voel te bang om vir sy pa te sê waarom hy geskree het.**
2. Teken Miek se familieboom.
   **Die leerder moet 'n boom teken met spasie om by te voeg indien nodig.**
3. Hoekom het Miek 'n vrees vir honde?
   **Hy is deur 'n rottweiler gebyt toe hy vier jaar oud was.**
4. Hoe voel Miek oor sy vrees?
   **Hy voel skaamkwaad: hy is skaam oor sy vrees, en kwaad vir homself omdat hy nog steeds bang is.**
5. Is Miek se vrees vir honde 'n fobie?
   **Ja, want dit is irrasioneel.**
6. Kyk weer na die prelees vrae.
   a. Wie dink jy is die antagonis van die verhaal?
      **Monsterhond**
   b. Wat dink jy is die tema van die verhaal?
      **Eie antwoord, moet met vrees te doen hê.**
   c. Dink jy Vreesbaai is 'n gepaste naam vir die dorpie?
      **Eie antwoord, solank motivering sin maak.**

## Hoofstuk 1 (Bladsy 1)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: Die donker strate van hulle woonbuurt

**Tyd**: Vroegoggend

**Karakters**: Miek, Miek se pa, monsterhond

**Som die verhaal in drie sinne op**: Miek en sy pa draf in die oggend, maar Miek se pa hardloop vinniger as Miek. Toe Miek sy pa roep, sien en hoor hy 'n monsteragtige hond. Miek voel te bang om vir sy pa te sê waarom hy geskree het.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wie het saam met Miek gedraf?
   **Miek se pa.**
2. Skryf EEN woord neer vir "vroeg in die oggend".
   **vroegoggend**
3. Waarom moet hulle bokse uitpak?
   **Hulle het sopas na Vreesbaai toe getrek.**
4. Lees die volgende aanhaling:
   "Hy begin verder in die donker, mistige straat afstap. Sy bene voel soos jellie. Hy's spyt hy het die hele wintervakansie niks geoefen nie."

a. Hoe sal jy voel as jy in hierdie straat afstap? Gee redes vir jou antwoord.
**Eie antwoord met redes.**

b. Skryf ’n voorbeeld van ’n vergelyking neer.
**“sy bene voel soos jellie”; “so groot soos ‘n mannetjiesleeu”; “tande wat soos lang, skerp messe uit die rooi tandvleis groei”.**

c. Watter twee sake word met mekaar vergelyk?
**Bv. Die hond met ’n leeu; die tande met messe.**

d. Verduidelik wat die figuurlike betekenis van hierdie vergelyking is.
**Die vergelyking bewys hoe monsteragtig die monsterhond regtig is, en hoe bang Miek is.**

e. Watter seisoen is dit nou in Vreesbaai?
**Lente**

f. Waarom is Miek spyt dat hy nie geoefen het nie?
**Hy is onfiks en al die ander seuns is baie fikser as hy.**

5. Watter twee dinge maak Miek onrustig oor Vreesbaai?
**Die konstante mis en die naam van die dorp.**

6. Lees die volgende aanhaling:
“Hy hoor voetstappe nader kom.”

a. Wie se voetstappe het Miek gedink hoor hy?
**Sy pa s’n.**

b. Waarom kon Miek nie die figuur duidelik sien nie?
**Die mis maak dit moeilik om die figuur te sien.**

7. Beskryf Miek se reaksie op die geknor van die hond op die paadjie.
**Miek is onmiddellik bang en hy vries.**

8. Skryf die intensiewe vorm neer wat bewys dat “nie eens 'n blaartjie geroer het nie.”
**doodstil**

9. Skryf die twee woorde neer wat die hond se oë beskryf.
**kolletjies vuur**

10. Soek ’n sin in Hoofstuk 1 wat bewys dat Miek bang is.
**Verskeie antwoorde.**

11. Verduidelik kortliks waar Miek se vrees vir honde vandaan kom.
**As ’n vierjarige is hy deur ’n rottweiler aangeval, en nou is hy bang vir alle honde.**

12. Die Punt-Illustrasie-Verduideliking metode (PIV) werk as volg:
**Stap 1**: Maak ’n stelling (punt) bv. *Miek is moeg.*
**Stap 2**: Kies ’n aanhaling uit die boek om die stelling te motiveer (illustrasie) bv. *“Sweet drup van Miek se voorkop af en brand in sy oë.”*
**Stap 3**: Verduidelik hoekom jou illustrasie jou punt bewys bv. *Wanneer mens strawwe oefening doen, sweet ’n mens. Die feit dat Miek sweet beteken dat hy strawwe oefening gedoen het, en dat hy moeg is.*

a. Gebruik die PIV metode om die volgende stelling te bewys:
Miek het nog nie sy vrees vir honde oorkom nie.
**Miek het nog nie sy vrees vir honde oorkom nie. “Sy pa dink natuurlik hy moes al lankal sy simpel vrees oorkom het.” Daarom het hy nog nie sy vrees vir honde oorkom nie.**

13. Teken die volgende tabel in jou boek oor, en voeg na elke hoofstuk die nuwe inligting by:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| Miek | 13 jaar oud | **honde** | **hy vries** | **sy pa dink dis simpel** |

## Hoofstuk 2 (Bladsy 6)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: In die skool

**Tyd**: oggend

**Karakters**: Miek, juffrou Botha, Donovan, Sumari, iPod meisie

**Opsomming**: Miek ontmoet sy nuwe onderwyseres, juffrou Botha. Miek sien die monsterhond in die juffrou se glas. Miek skrik vir die geknor van die monsterhond, terwyl die res van die klas vir donderweer skrik.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Voltooi die sin: Die naam "Miek" is 'n verkorting van . . .
   **Mikhael.**
2. Lees die volgende stelling.
   Miek is die enigste kind in sy gesin.
   a. Is die stelling *waar* of *onwaar*?
      **Onwaar.**
   b. Gee 'n rede vir jou antwoord.
      **Hy het 'n sussie in Graad R.**
3. Miek hou baie van sy nuwe juffrou. Gee 'n beskrywing van juffrou Botha. (Noem drie kenmerke)
   **Sy is jonk, en vriendelik en mooi.**
4. Wie het nie juffrou Botha se opdrag uitgevoer om die leesboek uit te haal nie?
   **Donovan.**
5. Dink jy die seun se reaksie (om sy tong te klap) op juffrou Botha se opdrag is reg? Motiveer jou antwoord.
   **Nee, hy is astrant.**
6. Bewys die volgende stelling deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13):
   Almal het geskrik vir die donderweer.
   **Almal het nie geskrik vir die donderweer nie. "Voor hy aan nog iets kan dink om te sê, laat die oorverdowende gegrom van 'n hond hom regop ruk!" / "Gelukkig weet niemand hy het gedink dis iets lafs soos die monsterhond van vanoggend nie." Juffrou Botha het gedink dat almal in die klas vir die donderweer geskrik het.**
7. Wat het Miek in die glas op juffrou Botha se tafel gesien?
   **Hy het die rooi kolletjies van die monsterhond se oë gesien.**
8. Die kinders het skielik opgespring en by die klas uitgestorm. Waarom?
   **Dis pouse.**

## Hoofstuk 3 (Bladsy 11)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: Hawe

**Tyd**: middag

**Karakters**: Pa, Miek, Donovan

**Opsomming**: Miek en sy pa gaan na die hawe toe om vis te koop. Miek loop vir Donovan raak en besluit dat hy met Donovan vriende wil wees. Terwyl Miek vir Donovan na sy huis toe nooi, word Donovan bang vir iets en hardloop weg.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Skryf twee redes neer waarom Miek se pa sê dat hulle van nou af baie vis gaan eet.
   **Hulle bly nou by die see, en dis gesond.**
2. Lees die volgende uittreksel:
   Jislaaik, daar insult jy my nou!
   a. Wie praat hier?
      **Donovan**
   b. Met wie praat die persoon?
      **Miek**
   c. Watter noemnaam gebruik die persoon wat praat vir homself?
      **Donnie**
   d. Watter noemnaam gebruik die persoon wat praat vir die persoon met wie hy gepraat het?
      **Mickey Mouse**
   e. Skryf ’n goeie Afrikaanse woord neer vir “insult”.
      **beledig**
3. Hoekom is Donovan by die hawe?
   **Sy pa is ’n visserman en hy help sy pa.**
4. Wat het Miek en sy pa by die hawe gaan maak?
   **Hulle het gaan vis koop.**
5. Soek ’n voorbeeld van ’n idioom in Hoofstuk 3.
   a. Skryf die idioom en die letterlike betekenis daarvan neer.
      **“’n Mens moenie iemand op sy baadjie takseer nie.” Moenie iemand beoordeel volgens sy klere nie.**
   b. Hoekom het Miek die idioom gebruik? *(Wenk: verwys na die figuurlike betekenis van die idioom)*. Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
      **Miek het besef dat hy verkeerd was om Donovan so vinnig te beoordeel. “Miskien moes hy nie vanoggend so vinnig besluit het om nie met Donovan vriende te maak nie.” Miek hou daarvan om met Donovan te gesels en is spyt oor sy vinnige besluit daardie oggend.**
6. Noem twee fisieke tekens dat Donovan bang is.
   **Hy het versteen en trane het by sy wange afgeloop.**
7. Hoekom dink Miek nie meer dat die monsterhond net deel van sy verbeelding is nie?
   **Donovan is ook bang vir iets.**
8. Dink jy Miek en Donovan is bang vir dieselfde ding? Motiveer jou antwoord.
   **Eie antwoord.**

## Hoofstuk 4 (Bladsy 14)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: by die skool

**Tyd**: voor skool die volgende oggend

**Karakters**: Miek, Sumari, Donovan, Lisa

**Opsomming**: Miek leer meer van Sumari, Donovan en Lisa ken. Miek maak seker dat sy vyfjarige sussie veilig by haar klas uitkom. Lisa laat Miek met ’n onheilspellende stelling.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat het Miek laat wakker skrik?
   **Hy het wakker geword as gevolg van ’n monsteragtige blaf.**
2. Hoe oud is Miek se sussie?
   **Vyf**
3. Miek noem sy sussie “soms ’n regte klein pes”. Hoekom pas sy woorde nie by sy aksies nie (ironies)?
   **Sy aksies wys dat hy besorg is oor haar.**
4. Die leser kom agter Donovan is lief om mense byname te gee.
   a. Watter bynaam gee hy vir Sumari?
      **Annie**
   b. Hoekom gee hy vir haar hierdie bynaam?
      **Sy het rooi krulhare**
   c. Dink jy Sumari hou van die bynaam? Motiveer jou antwoord.
      **Nee, Sumari se gesigsuitdrukking is verontwaardig.**
5. Lees die volgende stelling:
   Lisa (iPod-meisie) en haar gesin woon al drie jaar op Vreesbaai.
   a. Is die sin *waar* of *onwaar*?
      **onwaar**
   b. Gee ’n rede vir jou antwoord deur *’n gedeelte van ’n sin* vanuit die hoofstuk aan te haal.
      (Onthou jou aanhalingstekens.)
      **“drie maande”**
6. Lisa het ook ’n vrees.
   Bewys hierdie stelling as *waar* of *onwaar* deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
   **Waar. Lisa verwys na drome as “[d]ie soetes én die nagmerries.” Daarom het Lisa ook ’n vrees wat haar teister.**

## Hoofstuk 5 (Bladsy 17)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: Op pad na Miek en Lisa se huis toe

**Tyd**: na skool

**Karakters**: Miek, Lisa, Donovan

**Opsomming**: Na skool stap Miek en Lisa saam huis toe. Terwyl hulle stap, spring Donovan uit die mis om hulle skrik te maak. Lisa erken aan Miek dat sy deur haar grootste vrees geterroriseer word.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Skryf ’n sinsnede uit bladsy 17 neer wat die milieu (ruimte) bevestig.
   **“Terwyl hulle na die skoolhek toe stap nadat die laaste klok gelui het.”**
2. Hoe weet ons dat Lisa in ‘n goeie bui is aan die begin van die hoofstuk?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
   **Lisa is in ’n goeie bui aan die begin van die hoofstuk, want sy terg vir Miek en sy luister na haar musiek.**
3. Op bladsy 18 leer ons meer van Lisa ken.
   a. Skryf twee fisieke eienskappe van Lisa neer.
      **Sy het haselneutbruin oë en ’n lang, donker vlegsel.**
   b. Watter drie eienskappe van Lisa maak haar perfek volgens Miek?
      **Sy is mooi, intelligent en snaaks.**
4. Hoekom het Lisa Enya se musiek nodig om te ontspan?
   Verwys na die laaste paragraaf op bladsy 22.
   **Enya laat haar ontspan, want haar vrees is ’n nar met skerp tande.**
5. Gebruik ’n aanhaling van Donovan om te bewys dat dit heeltyd mistig is. (Onthou jou aanhalingstekens.)
   **“Hier kan die son maar skyn soveel as wat hy wil, maar die mis gaan nie verdwyn nie.”**
6. Hoe gebruik Donovan die voortdurende mistigheid?
   **Hy bekruip sy vriende en maak hulle skrik.**
7. Watter belofte maak Miek aan Lisa?
   **Hy belowe om haar geheime te hou.**
8. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 5 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| Lisa | 13 klasmaat | ’n nar met skerp tande | sy huil/ is ontsteld | Miek verstaan haar vrees |

## Hoofstuk 6 (Bladsy 23)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: Miek sy kombuis

**Tyd**: laat middag

**Karakters**: Miek, Miek se sussie, Miek se ma

**Opsomming**: Miek skop per ongeluk sy sussie onder die kombuistafel raak. Miek se ma luister sonder veroordeling na wat met Miek aangaan. Miek word deur sy ma oorreed om ’n berader te gaan sien.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Miek het aspris sy sussie, Jana, geskop. Is die stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
   **Dis onwaar, want hy het Jana "onwillekeurig" geskop; hy het nie bedoel om dit te doen nie.**
2. Wat sê Miek se ma wat aandui dat sy bekommerd is oor hom?
   **"Ma's weet wanneer hulle kinders hulle nodig het."**
3. Noem twee aksies wat Miek se ma neem wat bewys dat sy vir hom lief is.
   **Sy hou sy hand vas, en sy luister sonder om te veroordeel.**
4. Hoe probeer Miek se ma hom help?
   **Sy wil hê hy moet gaan vir berading.**
5. Hoe kry Miek se ma dit reg dat hy die hulp sal aanvaar?
   **Sy sê hy moet dit vir haar doen.**
6. Hoekom is Miek spyt dat hy vir sy ma vertel het oor sy vrees?
   **Want nou wil sy hê hy moet iets daaraan doen. Hy wil nie swak voel nie.**

## Hoofstuk 7 (Bladsy 27)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte**: Donovan se straat

**Tyd**: laat middag

**Karakters**: Miek, Donovan

**Opsomming**: Miek gaan soek vir Donovan by sy huis. Hy kom agter dat Donovan ook 'n vrees het, maar Miek hou sy eie vrees geheim. Miek oorreed Donovan om hom oor sy vrees te vertel.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Waar woon Donovan?
   **Galjoenstraat; in die groen huis**
2. Miek het presies geweet waar Donovan woon. Is hierdie stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te beantwoord.
   **Die stelling is onwaar. "Miek stap in Galjoenstraat af en wonder in watter een van die huise Donovan woon."/ "Hy onthou net die straatnaam, maar nie die huisnommer nie." / "Sorry, weet jy dalk waar Donovan September woon?" Miek het nie presies geweet waar Donovan woon nie.**
3. Donovan stel voor hy en Miek gaan sit onder in die pad. Waarom nooi hy nie vir Miek binne nie?
   **Hy is nie lus om sy ma se gekla oor huiswerk te hoor nie.**
4. Hoekom luister Miek nie as Donovan praat oor die meisie van wie hy hou nie?
   **Miek wil vir Donovan vra waarvoor hy die vorige middag so bang was.**
5. Watter gebaar gebruik Miek om Donovan gerus te stel?
   **Hy sit sy hand op Donovan se skouer.**
6. Hoekom is Donovan huiwerig om vir Miek te vertel wat hom bang gemaak het?
   **Donovan dink nie dat Miek hom sal glo nie.**
7. Donovan se vrees is gebaseer op 'n dier. Wat is die verskille tussen Donovan se vrees en die natuurlike diere? Noem drie.
   **Die krokodil-monsters wat Donovan sien is groter, vetter en hongerder as regte krokodille.**

8. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 7 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| **Donovan** | **13 jaar oud; pa is 'n visserman; ma.** | **krokodil-monsters** | **hy begin huil en hardloop weg** | **Miek wil hom help** |
| | | | | |

## Hoofstuk 8 (Bladsy 30)

Voordat jy die vrae antwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** voor die skool

**Tyd:** voor skool begin

**Karakters:** Miek, Lisa, Sumari, Donovan, juffrou Botha

**Opsomming:** Sumari vertel vir Miek, Lisa en Donovan oor hul skoolmaat se dood. Juffrou Botha laat die kinders weet dat die skool vir die dag gesluit is, omdat hul skoolmaat verdrink het. Miek merk op dat juffrou Botha ’n hangertjie dra wat ’n walglike gesig toon.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom is Lisa bly dat sy en Miek nou bure is?
**Sy het nou iemand om saam met haar skool toe en terug te stap.**
2. Wat laat Lisa dink dat daar groot moeilikheid kom?
**Sumari lyk opgewonde. Sy skree om hul aandag te kry en beweeg vinnig nader aan Miek en Lisa.**
3. Hoekom het die skool se beheerliggaam besluit om die skool te sluit?
**Frans le Roux se dood.**
4. Sumari het Frans le Roux goed geken. Is die stelling waar of onwaar?
Gebruik ’n aanhaling om jou antwoord te staaf. (Onthou jou aanhalingstekens.)
**Onwaar. “Hy’s daai weird borselkop-ou wat altyd eenkant alleen sit en ’n mens aankyk asof jy ’n bakkie poeding is.” Sumari het Frans nie goed geken nie.**
5. Miek is nou finaal oortuig Sumari floreer op tragedies soos hierdie.
Bewys hierdie stelling korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
**Sumari is opgewonde om vir haar vriende oor Frans le Roux se dood te vertel, maar rek die storie uit om dit meer dramaties te maak. Toe Donovan vir haar sê om klaar te praat, raak sy vies vir hom voordat sy die storie klaar vertel. Dit bewys dat Sumari inderdaad op tragedies floreer.**
6. Daar is ‘n nota naby Frans se lyk gevind.
    a. Wat het op die nota gestaan?
    ***“Ek is bang. Dit jaag my. Stop die Modderding...”***
    b. Wie het die nota geskryf?
    **Frans le Roux**
    c. Op watter manier pas die nota by dit waarmee Miek, Lisa en Donovan sukkel?
    **Dit laat ons dink dat Frans deur sy eie monster geteister en vermoor is.**

## Hoofstuk 9 (Bladsy 35)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** by die huis

**Tyd:** in skooltyd

**Karakters:** Miek, Miek se ma, Lisa, Monsterhond

**Opsomming:** Miek kom by die huis aan en besluit om terug te klim in die bed. Terwyl hy met "Lisa" oor die foon praat, hoor en sien hy die monsterhond by elke uitgang en ook in die huis. Miek se ma kom terug en smeek hom om die berader te gaan sien.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom dink Miek dat Sumari besig is om haar foon "warm te tik"?
   **Sy is seker besig om boodskappe te stuur oor Frans se dood.**
2. Wat doen Miek ná hy op sy bed neergeval het?
   **Hy bel vir Lisa.**
3. Lisa beskryf haar hond. Hoe kom Lisa se beskrywing ooreen met die monsterhond wat Miek heeltyd sien?
   **Groot, bloedrooi oë, lang skerp tande.**
4. Ná sy gesprek met Lisa het Miek 'n ervaring met die monsterhond.
   Hoekom sal jy sê dat die monsterhond nie 'n regte hond is nie?
   **Die hond is orals.**
5. Miek se ma het geweet dat sy moet huis toe kom. Is die stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
   **Onwaar. Miek se ma het haar selfoon vergeet, en het dus nie geweet dat Miek haar nodig het nie.**
6. Verduidelik hoe Miek weet dat dit nie Lisa was met wie hy netnou oor die foon gepraat het nie.
   **Miek bel Lisa weer en sy sê dat hy haar nie gebel het nie, en dat sy nie 'n hond het nie.**

## Hoofstuk 10 (Bladsy 41)

Voordat jy die vrae antwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** meneer Swart se kantoor

**Tyd:** vroegmiddag

**Karakters:** Meneer Swart, Miek

**Opsomming:** Miek gaan sien vir meneer Swart, maar hy vind die ou sielkundige baie onaangenaam en wil so gou as moontlik daar wegkom. Meneer Swart verbaas Miek egter deur te sê hy glo hom dat die monsterhond by hom spook. Meneer Swart se notas oor die onderhoud is baie eienaardig.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Watter drie dinge maak dit vir Miek ongemaklik om met meneer Swart te praat?
   **Hy is ongeskik, dis donker, en hy vra ongemaklike vrae.**
2. Meneer Swart is sarkasties en ongeduldig. Is hierdie stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.

**<u>Waar. "Natuurlik sien en hoor jy iets. Jy't my tog seker nie kom sien sodat ek jou kan vertel jy's nie blind en doof nie." Meneer Swart praat kortaf met Miek, en is sarkasties teenoor hom.</u>**

3. Dink jy dat meneer Swart regtig vir Miek wil help?
   Gebruik twee aanhalings uit die hoofstuk om jou antwoord te staaf.
   **<u>Nee. "Hoekom is hy so aanvallend?"</u>**
   **<u>"Al wat die ou sielkundige oor en oor tydens die sessie geskryf het, is: *Monsterhond. Monsterhond...*"</u>**
4. Hoe sou jy voel as 'n sielkundige jou hanteer soos wat meneer Swart vir Miek hanteer?
   **<u>Eie antwoord.</u>**
5. Wat dink jy oor die feit dat meneer Swart soveel detail oor Frans se dood weet?
   **<u>Eie antwoord.</u>**

## Hoofstuk 11 (Bladsy 47)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** in die speelparkie

**Tyd:** middag

**Karakters:** Miek, Donovan, Lisa

**Opsomming:** Miek, Lisa en Donovan ontmoet by die speelparkie naby aan die strand. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat al drie van hulle deur verskillende monsters geteister word. Dit laat Miek wonder of iets vreemds op Vreesbaai nie dalk veroorsaak dat al die kinders daar hulle grootste vrees moet trotseer nie.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom dink jy het Miek die parkie gekies om die ernstige gesprek met Lisa en Donovan te voer?
   **<u>Privaatheid</u>**
2. Verduidelik met verwysing na die teks hoekom Miek vir Lisa en Donovan van sy vrees vertel.
   **<u>Miek dink iets bonatuurliks is aan die gang, en die beste manier om hulle te oorreed om hierdie ding saam te beveg is om eerlik en oop te wees oor almal se vrese.</u>**
3. Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om te bewys dat Donovan skaamkry oor sy vrees.
   **<u>Donovan kry skaam vir sy vrees. "Donovan skud sy kop en kyk desperaat na Miek. 'Sê jy haar, asseblief.'" Hy wil nie self praat nie; hy laat Miek namens hom praat.</u>**
4. Stem jy saam met Miek dat daar iets bonatuurliks aan die gang is?
   **<u>Eie antwoord.</u>**

## Hoofstuk 12 (Bladsy 51)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** speelgrond

**Tyd:** eerste pouse

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari, Juffrou Botha

**Opsomming:** Miek, Lisa en Donovan vra vir Sumari of sy ook 'n vrees het. Juffrou Botha verskyn skielik by hulle groepie en vra hulle oor Frans se dood. Nadat juffrou Botha weg is, vra Miek, Lisa en Donovan vir Sumari of sy weet of ander

kinders ook hul grootste vrese moet trotseer. Hulle kom agter dat dit nie net tieners is wat geaffekteer word nie. Hulle besef dat al vier van hulle dieselfde berader sien.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Verduidelik hoekom Miek, Lisa en Donovan vir Sumari nader.
   Gebruik ’n aanhaling uit die teks om jou antwoord te staaf.
   **<u>Sumari is ’n skinderbek, so sy sal weet of ander kinders ook hul grootste vrese moet trotseer. “‘Jy ken so baie gossip, Sumari,’ sê Donovan, ‘weet jy nie van enige ander kids wat ook fears het nie?’”</u>**
2. Hoekom wil Miek hê dat juffrou Botha moet loop?
   **<u>Miek wil nie hê dat juffrou Botha moet hoor waaroor hulle wil praat nie.</u>**
3. Hoekom het Miek skielik opgespring ná hy gehoor het van die vyfjarige se vrees?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
   **<u>Jana, Miek se sussie, is vyf jaar oud. “Ek móét haar beskerm.” Die idee dat sy vyfjarige sussie ook so geteister word is vir hom baie erg.</u>**
4. Wat dink jy beteken dit dat al vier tieners na meneer Swart toe gaan vir sielkundige hulp?
   **<u>Eie antwoord.</u>**
5. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 12 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| **<u>Sumari</u>** | **<u>13 jaar oud; skinderbek</u>** | **<u>voëlverskrikker</u>** | **<u>sy raak histeries</u>** | **<u>die ander probeer haar kalmeer; verstaan haar vrees</u>** |
| | | | | |

## Hoofstuk 13 (Bladsy 57)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** Jana se kamer

**Tyd:** na skool

**Karakters:** Miek, Jana

**Opsomming:** Miek besef dat daar ‘n kans is dat Jana ook ‘n vrees het. Hy vra haar of sy ‘n vrees het. Jana sê vir Miek dat sy wel ’n vrees het.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Waarmee is Jana besig toe Miek by haar kamer aankom?
   **<u>Sy is besig om pop te speel.</u>**
2. Hoekom besluit Miek om met Jana te praat?
   **<u>Hy wil weet of sy ook ’n vrees het.</u>**
3. Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om te bewys dat Jana nie van Vreesbaai hou nie.
   **<u>Jana hou nie van Vreesbaai nie. “Dis nie ’n lekker plek nie. Ek hou nie van die mis nie.” Die mis laat haar ongemaklik voel.</u>**
4. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 13 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| **Jana** | **5 jaar oud; Miek se jonger sussie; ma en pa** | **’n tannie met ’n trourok aan** | **vertel haar ma** | **haar ma sê sy droom dit; Miek glo haar** |
| | | | | |

## Hoofstuk 14 (Bladsy 59)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** meneer Swart se huis

**Tyd:** middag

**Karakters:** meneer Swart, Miek, Lisa, Donovan, Sumari

**Opsomming:** Miek, Lisa, Donovan en Sumari gaan konfronteer meneer Swart oor die feit dat hy die berader is vir al die kinders in Vreesbaai. Meneer Swart erken aan hulle dat hy nou al vir dekades probeer om agter die kap van die byl te kom. Hy raai die kinders aan om te probeer om mense wat Vreesbaai oorleef het te kontak.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat kan jy aflei uit die volgende aanhaling op bladsy 60?
   “Wat . . . soek . . . julle?” vra hy in só ’n koue stem dat Miek vir ’n oomblik dink hulle moet maar eerder gaan. Maar dan onthou hy van sy sussie.
   **Meneer Swart wil nie regtig met hulle praat nie, maar Miek druk deur omdat hy sy sussie wil beskerm.**
2. Die skrywer sê dat Miek nie verbaas sou wees as Sumari eendag ’n Oscar wen nie.
   Bewys die bogenoemde stelling korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
   **Sumari is ’n goeie aktrise. “Sumari se oë begin waterig raak. ‘Ons het hulp nodig.’”; “Miek se oë vang Sumari s’n en sy knipoog vir hom.” Dit bewys dat sy toneelgespeel het.**
3. Hoe het meneer Swart hierdie keer die kinders gehelp?
   **Hy sê vir hulle dat al die kinders onder agtien met vrese sukkel. Hy raai hulle aan om mense wat in Vreesbaai grootgeword het, maar weggetrek het, te kontak om hulle te help.**
4. Dink jy die kinders is nog sonder hoop aan die einde van die hoofstuk? Motiveer jou antwoord.
   **Eie antwoord.**

## Hoofstuk 15 (Bladsy 64)

Voordat jy die vrae antwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** Lisa se slaapkamer

**Tyd:** middag

**Karakters:** Miek, Lisa

**Opsomming:** Miek en Lisa skep ’n Facebook-blad om mense wat Vreesbaai oorleef het op te spoor. Hulle kry vinnig ’n boodskap van iemand genaamd Jean Naudé. Kort daarna kry hulle nog ’n boodskap, maar hierdie keer is dit ’n kombinasie van albei se vrese.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom maak Miek en Lisa ’n Facebook-blad?
   **Hulle dink dis die maklikste manier om mense te kontak.**
2. Noem twee goed waaroor Miek en Lisa praat terwyl hulle wag.
   **Dit waarvan hulle hou en dit waarvan hulle nie hou nie.**
3. Jean Naudé probeer keer dat Miek en Lisa te hoopvol raak. Is die stelling waar of onwaar?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die vraag te antwoord.
   **Waar. *“...maar kan niks waarborg nie.”* Jean sê dat sy hulle sal probeer help.**
4. Verduidelik hoekom Miek en Lisa bang word as gevolg van die tweede boodskap.
   **Hulle sien ’n prentjie van ’n nar met ’n ballon in die vorm van ’n monsterhond-kop.**

## Hoofstuk 16 (Bladsy 70)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** op die sportveld, en dan in die straat

**Tyd:** na skool

**Karakters:** Miek, Lisa, mnr. Vlok

**Opsomming:** Terwyl Miek rugby oefen, sien hy die monsterhond, hy voel eers bang, maar onthou sy sussie en gooi die ander seuns van hom af terwyl hy histeries skree. Hy voel daarna so skaam dat hy weghardloop, maar Lisa jaag hom en sê vir hom dat almal behalwe die afrigter ook die monsterhond gesien het. Daarna sien Miek Lisa se vrees, en Donovan en Sumari sien mekaar se vrese.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom voel Miek meer druk as gewoonlik toe die oefening begin?
   **Die afrigter sê dat hy dink dat Miek ’n baie goeie speler is, en dat hy van die volgende week af saam met die A-span moet oefen.**
2. Miek word verneder in die middel van die oefening. Verduidelik hoe dit gebeur.
   **In ’n losskrum ervaar Miek sy vrees en skree histeries.**
3. Die situasie in Vreesbaai word erger.
   Bewys hierdie stelling korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).
   (NB: Jy mag nie die aanhaling dat dinge begin vererger gebruik nie.)
   **Die kinders begin mekaar se vrese sien. Lisa en Miek sien en hoor die nar, en die ballon ontlplof voor albei se gesigte. Miek sien Lisa se vrees en Donovan en Sumari sien mekaar se vrese, wat nog nooit voorheen gebeur het nie.**

## Hoofstuk 17 (Bladsy 78)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** by The Bean Machine

**Tyd:** middag

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari, Engela, juffrou Botha

**Opsomming:** Die vier vriende ontmoet Jean Naudé, wie se naam eintlik Engela is, in ’n koffiewinkel. Die vier vertel Engela van hul vrese, en sy vertel hulle van hare, en Engela belowe om te probeer om die probleem op te los. Juffrou Botha, met haar aaklige hangertjie, val hulle in die rede, en toe Engela haar hand geskud het, verskoon sy haarself skielik en raai Miek aan om te hardloop.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Om watter rede gaan die vier vriende na die koffiewinkel toe?
**Hulle wil vir Jean Naudé gaan ontmoet.**
2. Is Jean Naudé die helper se regte naam? Motiveer jou antwoord.
**Nee, sy sê dat Jean net ’n internet-skuilnaam is.**
3. Wat beteken die idioom om agter die kap van die byl te kom?
**Om die waarheid uit te vind.**
4. Bewys deur van die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) gebruik te maak dat Jean Naudé ongemaklik is met juffrou Botha.
**Engela kom so gou as moontlik van juffrou Botha af weg. “Engela staan stadig op sonder om haar oë van Juffrou Botha af te haal.” / “Sy forseer ‘n glimlag en verlaat die koffiewinkel op ’n drafstap.” Daarom is Engela ongemaklik met juffrou Botha.**
5. Wat probeer Jean Naudé vir Miek beduie?
**Dat hy moet hardloop.**
6. Voeg die nuwe inligting vanuit Hoofstuk 17 by jou tabel wat jy in Hoofstuk 1 geskep het:

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| **Engela** | **±60 jaar oud; Vreesbaai oorlewenaar** | **‘n afkop seuntjie** | **Die boek sê nie** | **die kinders is dankbaar dat ’n volwassene verstaan en hulle wil help** |

## Hoofstuk 18 (Bladsy 85)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** museum

**Tyd:** middag

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari

**Opsomming:** Miek, Lisa en Donovan gaan ontmoet Sumari by die dorpsmuseum. Sumari het bewyse gekry dat juffrou Botha al van 1914 af ’n onderwyser by die hoërskool is. Sumari kom ook agter dat die walglike hangertjie in elke foto om haar nek is.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Waarom wil Lisa en Donovan nie inkom nie?
   **Hulle moet vir Sumari dringend by die museum ontmoet.**
2. Volgens Donovan is iets vreemd. Wat is die iets?
   **Dat die deur oop is.**
3. Baasspeurder Sumari het twee goed oor juffrou Botha aan haar vriende uitgewys. Wat was die twee goed?
   **Die feit dat juffrou Botha glad nie van 1914 af verander het nie, en dat sy in elke foto dieselfde hangertjie dra.**
4. Wat dink jy beteken die antwoord op vraag 3?
   **Eie antwoord.**

## Hoofstuk 19 (Bladsy 89)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** by die hawe

**Tyd:** middag

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari, Engela

**Opsomming:** Engela ontmoet die vier vriende by die hawe. Hulle wys vir haar die bewyse wat Sumari by die museum gekry het. Engela bevestig dat juffrou Botha destyds ook net so jonk gelyk het, en die aaklige hangertjie gedra het.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Om watter rede moet die vier vriende vir Engela by die hawe ontmoet?
   Maak gebruik van die PIV-metode (voorbeeld op bl.13) om die vraag te antwoord.
   **Hulle wil nie hê juffrou Botha moet hulle weer onderbreek nie. Sumari vra of die feit dat Engela so haastig by die koffiewinkel weg is iets met juffrou Botha te doen gehad het. Engela sê: "Ja, dit het iets met julle onderwyseres te doen." Elke keer wanneer die kinders oor die vrese wil praat, verskyn juffrou Botha asof sy geroep is.**
2. Hoe voel Donovan oor die feit dat hulle vir Engela by die hawe moet ontmoet?
   Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.
   **Donovan is bang, want hy hoor die krokodille. "'Nee,' antwoord Donovan gespanne, 'maar ek hoor die gesplash in die water.'"**
3. Engela voel dat die kinders nie sal verstaan hoekom sy by die koffiewinkel haar uit die voete gemaak het nie. Wat doen die vier vriende om haar gerus te stel?
   **"'Engela,' sê Lisa, 'ons weet wat jy wil sê.'"**
4. Verduidelik hoe die skrywer Engela se emosies duidelik maak nadat Donovan vir haar sê dat juffrou Botha haar in die koffiewinkel herken het.
   **"Engela bring haar hand geskok na haar mond." Die skrywer gebruik die handgebaar om te bewys dat Engela geskok is.**
5. Hoekom vra Sumari vir Engela oor juffrou Botha se hangertjie?
   **Juffrou Botha het dit in elke foto gedra.**

## Hoofstuk 20 (Bladsy 93)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** in meneer Swart se kantoor

**Tyd:** middag

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari, Engela, meneer Swart

**Opsomming:** Die vier vriende vat Engela na meneer Swart toe om raad te vra, en Miek is verbaas oor hoe drasties meneer Swart se geaardheid verander toe hy vir Engela ontmoet. Meneer Swart lig hulle in dat die hangertjie op *The Scream* gebaseer is. Ná Engela onthou het van 'n geslote deur in die skoolbiblioteek, raai meneer Swart hulle aan om ondersoek in te stel.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Beskryf die reaksie wat meneer Swart toon toe hy sien dat die vier vriende weer by sy huis is.
   **Hy is vies en geïrriteerd.**
2. Meneer Swart is verbaas dat die vier vriende sy raad gevolg het.
   Bewys hierdie stelling as korrek deur middel van die PIV-metode (voorbeeld op bl.13).
   **Meneer Swart is verbaas dat hulle sy raad gevolg het. "Hy draai na Miek. 'Julle het my raad gevolg?'" Die vraag dui aan dat hy verbaas is.**
3. Gee een woord op bladsy 94 wat dui daarop dat meneer Swart beleefd en goedgemanierd optree.
   **sjarmant**
4. Hoekom is die kinders so verbaas dat meneer Swart nou so optree?
   **Hy is 'n onbeskofte ou man.**
5. Waarom kan die vier vriende en Engela nie tevrede wees met die wete dat die teistering stop op die ouderdom van agtien nie? Verduidelik jou antwoord op twee maniere:
   a. 'n Aanhaling uit Hoofstuk 20.
      **"Maar soos my jong vriende hier ook vir jou sal sê, kan ons nie net berus by die wete dat die vrees eendag sal stop nie."**
   b. 'n Gebeurtenis wat vroeër in die verhaal gebeur het.
      **Frans le Roux is dood a.g.v. sy vrees.**
6. Een van die leidrade wat die kinders opgemerk het is dat juffrou Botha dieselfde hangertjie dra.
   a. Na watter bekende kunswerk verwys juffrou Botha se hangertjie?
      ***The Scream* deur Edvard Munch.**
   b. Hoekom dink jy is die simbool op juffrou Botha se hangertjie belangrik?
      **Eie antwoord. (Die kinders is almal bang.)**
7. Wat beteken dit om jouself voor te doen?
   **Jy maak of jy iemand anders is.**
8. Engela onthou iets nadat meneer Swart vir hulle verduidelik waarna die hangertjie verwys.
   a. Verduidelik in jou eie woorde wat sy onthou.
      **Sy onthou die deur met 'n afdruk van *The Scream* op in die biblioteek.**
   b. Watter idee skep hierdie kennis by die leser?
      **Die kinders het nou 'n belangrike nuwe leidraad.**

## Hoofstuk 21 (Bladsy 99)

Voordat jy die vrae antwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** in die biblioteek

**Tyd:** in die aand

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari

**Opsomming:** Die vier vriende ondersoek die kamer en sien hul vrese in die mistige glaskolom. Daarna sien hulle op die muur ’n foto met ’n DNS-monster van elke kind onder agtien in Vreesbaai. Hulle haal hul foto’s en DNS-monsters van die muur af, maar hulle moet weghardloop voordat Miek sy sussie s’n kan opspoor.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Lisa draai die sleutel en die slot beweeg.
    a. Wat is ’n loper?
    **’n Loper is ’n sleutel wat baie deure in ’n gebou kan oopmaak.**
    b. Waar het Lisa die sleutel gekry? Gebruik ’n aanhaling uit bladsy 99 om jou antwoord te staaf
    **Dit is haar pa se loper. “Hy’s op die skoolraad en elke raadslid het ’n loper vir die skool.”**
    c. Haal ’n woord uit bladsy 99 aan wat Miek se emosie duidelik maak.
    **verlig**
2. Wat is in die middel van die vertrek?
   **’n Mistige glaspilaar.**
3. Hoekom lê al vier vriende op die grond?
   **Hulle almal skrik vir hul monster in die glaspilaar; omdat hulle geskrik het, het hulle geval.**
4. Die vier vriende is baie ontsenu deur dit wat hulle op die mure sien.
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13) om die stelling korrek te bewys.
   **Die muur is baie ontstellend. Elkeen gril oor hul DNS-monster en foto. Hulle verstaan nou waar die monsters vandaan kom.**
5. Elke kind se foto gaan met ’n DNS-monster (DNA sample) gepaard.
   Noem elkeen se spesifieke DNS-monster.
   **Miek – hare; Lisa – bloed; Donovan – vel; Sumari – nael.**
6. Verduidelik hoekom Miek nie wil loop toe hulle die hoofingang se deur hoor nie.
   **Hy soek sy sussie se DNS-monster en foto.**
7. Tot watter besef kom die vier vriende toe hulle buite kom?
   **Hulle kom agter hulle monsters is nie meer daar nie.**

## Hoofstuk 22 (Bladsy 105)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** in die geheime kamer in die biblioteek

**Tyd:** nag

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari, juffrou Botha, meneer Swart/Ambrosia

**Opsomming:** Terwyl Miek, Donovan en Lisa gereed maak om juffrou Botha te konfronteer, lok Sumari haar na die kamer toe. Tot al vier se verbasing, weet juffrou Botha nie wat aangaan nie. Meneer Swart is ’n vormwisselaar met die naam Ambrosia wie se oorspronklike vorm nes juffrou Botha s’n lyk omdat juffrou Botha Ambrosia se afstammeling is. Hulle leer dat die mis deur die kinders se vrees gevorm word, en dat die mis Ambrosia jonk hou, maar nes die kinders dink dat hulle haar baasgeraak het, kom Miek agter dat die eerste deel van sy plan misluk het.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Hoekom hoef die kinders nie bekommerd te wees dat hulle ouers sal agterkom dat hulle by hul huise uitgesluip het nie?
   **“Hier is iets op Vreesbaai wat veroorsaak dat die ouers minder en minder vir hulle kinders omgee.”**
2. Sumari is nie aan die begin van Hoofstuk 22 by die ander drie nie. Waar is sy?
   **Sy is besig om die regte juffrou Botha na die kamer toe te lok.**
3. Wat gee jou die idee dat juffrou Botha nog nooit in hierdie kamer was nie? Noem twee dinge.
   **Haar wenkbroue lig verbaas, en sy vra: “Wat is hierdie plek?”**
4. Haal ’n sin aan uit bladsy 106 wat bewys dat juffrou Botha ook bang is.
   **“Sy tree versigtig na binne.”**
5. Hoekom is Miek agterdogtig toe meneer Swart daar opdaag?
   **Hy het nooit vir meneer Swart gesê wat hulle planne is nie.**
6. Donovan gee vir almal byname. Is die naam Mystique gepas? Vind meer uit oor die X-Men filmreeks.
   **Ja, want Mystique is ’n karakter in die X-Men strokiesprente wat ’n vormwisselaar is.**
7. Wat is meneer Swart/Frans le Roux se regte naam?
   **Ambrosia**
8. Wat is die verbintenis tussen juffrou Botha en die boosaard?
   **Hulle is familie.**
9. Hoekom was Frans le Roux by die skool?
   **Omdat juffrou Botha besluit het om skool te gee, moes Ambrosia ’n ander manier vind om chaos te saai.**
10. Is die volgende stelling waar of onwaar? Meneer Swart het die kinders gehelp.
    Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl.13) om die vraag te beantwoord.
    **Die stelling is onwaar, want hy wou van hulle ontslae raak. Dus het meneer Swart nie die kinders gehelp nie.**
11. Verduidelik hoe Miek sy foto en DNS-monster gebruik om die monsterhond te beheer.
    **Hy plak sy foto en DNS-monster terug op die muur, en hy beveel die hond om Ambrosia aan te val.**
12. Hoe verduidelik die boosaard hoekom sy die kinders van Vreesbaai so laat ly het?
    **Sy verduidelik dat die kinders se vrees die mis veroorsaak, en dat sy die mis nodig het om jonk te bly.**
13. Verduidelik die wending wat plaasvind op bladsy 113.
    **Ambrosia hou op om voor te gee dat sy bang is, en sy neem weer beheer van die hond.**

## Hoofstuk 23 (Bladsy 114)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** in die geheime kamer in die biblioteek

**Tyd:** nag

**Karakters:** Miek, Lisa, Donovan, Sumari, juffrou Botha, Ambrosia, Engela, die ander Vreesbaai oorlewendes

**Opsomming:** Nes Ambrosia dink dat sy gewen het, kom Engela saam met ’n groep volwassenes wat Vreesbaai oorleef het en help om Ambrosia te oorrompel. Daarna word ’n vuur gemaak en al die kinders se foto’s en DNS-monsters word in die vuur gegooi. Hoe meer foto’s en DNS-monsters verbrand word, hoe meer verminder die mis en hoe swakker word Ambrosia. Omdat Miek die een is wat die hele plan gemaak het, slaan hy die glaskolom stukkend, wat al die mis in Vreesbaai laat verdwyn.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat veroorsaak dat Miek en Lisa niks kan sien nie?
   **Die mis is baie dig.**
2. Hoe probeer Miek vir Lisa bemoedig?
   **Hy sê vir haar dat Ambrosia nog nooit iemand vermoor het nie, omdat sy die lewendige vrees nodig het.**
3. Watter opdrag gee Miek aan Lisa?
   **Sy moet vir juffrou Botha buitentoe vat.**
4. Wat gebeur met die mis toe Engela die kamer betree?
   **Die mis vlug na die glaskolom in die middel van die vertrek toe.**
5. Verduidelik Miek se plan volledig. Onthou om die deel van die plan in Hoofstuk 22 in te sluit.
   **Miek het sy DNS-monster en foto gebruik om die monsterhond te beheer. Hy het vir Engela en die oorlewende volwassenes wat hul vrees oorkom het gevra om hulle te kom help. Hy het gereël dat hulle al die foto's en DNS-monsters verbrand.**
6. Ambrosia se huidige pseudoniem (skuilnaam) is juffrou Botha.
   Noem drie ander pseudonieme wat sy gebruik het.
   **Frans le Roux; meneer Swart; juffrou Marais; juffrou Meyer; juffrou Neethling; juffrou Carstens; juffrou Groenewald.**
7. Watter effek het die volwassenes op die mis?
   Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl.13) om die vraag te beantwoord.
   **Die mis trek terug na die glaskolom in die middel van die vertrek. "Jammer, Ambrosia, maar jy het seker nie gedink jou mis van vrees gaan op volwassenes, wat jou teistering gedurende hulle kinderjare oorleef het, werk nie." Die volwassenes lei nie meer aan hulle vrese nie.**
8. Engela sê dat Ambrosia uiteindelik weet hoe almal in Vreesbaai vir so lank gevoel het.
   Hoekom sê sy dit?
   **Ambrosia begin nou regtig bang voorkom.**
9. Wat veroorsaak dat Ambrosia al hoe ouer word?
   **Die foto's en DNS-monsters word verbrand.**
10. Hoe verseker Miek dat daar nie meer mis in Vreesbaai is nie?
    **Hy slaan die glaskolom stukkend.**
11. Hoe maak die skrywer dit duidelik dat Miek verleë is?
    **Miek laat sak sy kop en sy ore word warm.**

## Hoofstuk 24 (Bladsy 120)

Voordat jy die vrae beantwoord, moet jy vasstel waar die hoofstuk afspeel (ruimte/plek), wanneer die hoofstuk afspeel (tyd), wie almal teenwoordig is in die hoofstuk (karakters), en wat in die hoofstuk gebeur (opsomming).

**Voltooi nou die blokkie deur die korrekte inligting te verskaf:**

**Ruimte:** in die straat

**Tyd:** vroegoggend

**Karakters:** Miek, Lisa, Jana


**Opsomming:** Miek en Lisa stap saam huis toe. Oppad vra Miek vir Lisa om met hom uit te gaan. Toe hy by sy huis kom, kry hy die onheilspellende nuus dat Jana se vrees nie weg is nie.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Miek en Lisa ervaar die verligting op dieselfde manier. Is die stelling waar of onwaar? Motiveer met verwysing na die teks.
   **Dit is onwaar, want Miek is honger en Lisa is moeg.**
2. Lisa lag hard. "As jy vra wat ek dink jy vra, is die antwoord ja," sê sy. Wat vra Miek?
   **Miek vra haar om met hom uit te gaan.**
3. Miek se gemoedstoestand verander skielik.
   a. Hoe verander dit?
      **Hy was gelukkig en trots op homself, toe word hy bekommerd.**
   b. Hoekom verander dit?
      **Hy kom agter dat Jana nog steeds die spook sien.**
4. Dink jy hierdie boek is 'n riller of 'n gruwelverhaal? Motiveer jou antwoord met verwysing na die teks.
   **Dit is 'n gruwelverhaal, want die probleem is nie heeltemal opgelos nie.**
5. Met die wete dat daar 'n tweede Grilgrypers-boek is, sou jy dit wil lees? Hoekom of hoekom nie?
   **Eie gemotiveerde antwoord.**

## BOU VAN 'N VERHAAL

'n Storie/verhaal bestaan uit verskillende fases en kan soos volg voorgestel word.




**1. Uiteensetting**

In die **uiteensetting** leer ons karakters ken en neem kennis van sekere belangrike agtergrond en inligting.

In Hoofstuk 1 tot 4 leer ons Miek, Donovan, Sumari en Lisa ken.

**2. Motoriese moment**

Die **motoriese moment** is soos 'n motor wat aangeskakel word. Alles begin nou <u>beweeg na 'n rigting (die hoogtepunt).</u>

In Hoofstuk 5 begin Miek agterkom dat dit nie net hy is wat 'n onredelike vrees het nie.

**3. Ontwikkelingsfase**

In die **ontwikkelingsfase** begin die nodige konflik (innerlik of uiterlik) ontwikkel. Daarmee bedoel ons dit neem nou vorm aan deur middel van botsing wat plaasvind. Alles bou op tot die krisisfase. Bv. die kinders se ontmoeting met meneer Swart in Hoofstuk 14, en hul ontmoeting met Engela in Hoofstuk 17.

**4. Krisisfase**

Die **krisisfase** sê presies wat hier gebeur. Daar vind 'n krisis plaas. 'n Probleem moet opgelos word. In Hoofstuk 16 kom Miek, Lisa, Donovan en Sumari agter dat hulle mekaar se vrese kan sien, en dat dinge in Vreesbaai dus vererger.

**5. Klimaks (Hoogtepunt)**

In die **klimaks** bou alles op tot 'n punt. Hier gaan die verhaal draai na 'n positiewe of negatiewe kant. Of die held gaan wen of nie/die probleem word opgelos of nie. In Hoofstuk 22 konfronteer die vier vriende vir juffrou Botha en ontdek die ware rede hoekom Vreesbaai so mistig is. In Hoofstuk 23 word die probleem opgelos.

**6. Ontknoping**

In die **ontknoping** neem die verhaal af. Die storielyn begin afsluit. In Hoofstuk 24 stap Miek en Lisa huis toe in 'n mislose Vreesbaai, maar Miek vind uit dat Jana steeds deur haar vrees geteister word. Hierdie feit skep 'n gevoel van onheil.

## KARAKTERS

Karakters help om die storie lewendig te maak. Die storie draai om die hoofkarakter en sonder karakters is daar nie regtig ’n storie nie.

Karakters word ook in TWEE groepe verdeel, nl.:

### 1. Hoofkarakter

Die hoofkarakter is die karakter waarom die storie/gebeure draai. Hierdie karakter is ook die held in sommige verhale. Die hoofkarakter is ook ’n ronde karakter, en ons leer die meeste oor hom/haar ken. In hierdie verhaal is Miek die hoofkarakter. Die storie word uit sy perspektief vertel. Dis ’n alomteenwoordige verteller, maar Miek is die fokalisator. Ons sien Miek se innerlike en uiterlike konflik.

### 2. Newekarakter

Die newekarakter is ons “hulpkarakter”. Newekarakters vul die storie aan en help die hoofkarakter om hul doel te verrig. Newekarakters is ook plat karakters; ons leer net genoeg van hulle ken om die storie sinvol te maak. Bv. Ons leer nooit Lisa of Donovan se ouers of innerlike konflik ken nie.

| Karakter | Biografiese inligting (Ouderdom en familie) | Waarvoor is die karakter bang? | Hoe reageer die karakter op sy/haar vrees? | Hoe reageer ander karakters op die karakter se vrees? |
|---|---|---|---|---|
| Miek | 13 jaar oud;<br>Pa, ma en jonger sussie Jana<br>Hy speel rugby | Honde: hy sien en hoor ’n monsterhond. Hy is as vier-jarige deur ‘n rottweiler gebyt. | Hy vries; hy skree; hy krul in homself in | Sy pa dink dis simpel; sy vriende en Engela verstaan dit; Ambrosia hou daarvan |
| Lisa | 13 jaar oud; sy luister na Enya | ’n nar met skerp tande en ‘n byl | Sy huil | Haar vriende en Engela verstaan dit; Ambrosia hou daarvan |
| Donovan | 13 jaar oud; pa is ‘n visserman; hy is ‘n bietjie ligsinnig – hy hou van grappies en gee gereeld byname | Krokodil-monsters | Hy huil en hardloop weg | Sy vriende en Engela verstaan dit; Ambrosia hou daarvan |
| Sumari | 13 jaar oud; ma werk by die museum; sy is ‘n skinderbek; sy is dramaties | ’n voëlverskrikker | Sy raak histeries | Vriende en Engela verstaan dit; Ambrosia hou daarvan |
| Engela | ±60 jaar oud; sy het Vreesbaai oorleef | Afkop seuntjie | Dit word nie in die boek beskryf nie | Die kinders is dankbaar dat iemand hulle verstaan en wil help; Ambrosia het dit gebruik |

## KREATIEWE SKRYF

1. Lees Hoofstuk 21:

   Maak ’n plakkaat waar jy grafies voorstel wat elke kind in die kamer sien.
   Skryf dan ’n paragraaf waarin jy jou plakkaat en die kinders se emosionele ervaring beskryf. (20)

2. Skryf ’n paragraaf waarin jy die verskil tussen Miek se verhouding met sy ma en Miek se verhouding met sy pa verduidelik. Gebruik die PIV-metode (voorbeeld op bl. 13).

# AFDELING D: TOETS JOU KENNIS

## BLOKKIESRAAISELS/WOORDSOEK

### Kwartaal 1

**Kwartaal 1 (Hoofstuk 1 tot 8)**

**Blokkiesraaisel leidrade**

**Dwars**

1 Miek vind uit dat ___ se naam eintlik Lisa is.

3. Miek se ma vra hom om 'n ___ te gaan sien

9. Donovan se vrees.

10. Die kunstenaar na wie se musiek Lisa luister.

**Af**

2. Miek se regte naam.

4. “Die soetes én die ___.” Lisa se laaste woorde op bl. 16.


5. Miek se vrees.

6. Die meisie wat vir ‘n voëlverskrikker bang is.


7. Miek, Lisa, Donovan en Sumari word deur hul grootste vrese ___.

8. Die naam van die straat waarop Donovan woon.

**Kwartaal 1: Hoofstuk 1 tot 8 Blokkiesraaisel**



**Kwartaal 1: Hoofstuk 1 tot 8 - Blokkiesraaisel Memorandum**



## Kwartaal 1: Hoofstuk 1 tot 8 - Woordsoek

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | Z | Q | S | X | W | D | C | E | F | V | R | G | F | T | H | N | Y | J | M |
| K | B | O | T | H | A | E | T | U | O | A | D | G | R | L | Z | C | B | M | W |
| R | Y | I | P | S | F | H | K | X | V | N | Q | M | A | N | E | B | R | V | T |
| C | Y | X | U | Z | I | F | O | K | P | J | A | H | N | H | D | G | R | W | I |
| E | Z | M | A | N | C | O | E | F | S | P | E | A | S | E | A | A | E | G | K |
| A | I | T | E | A | S | B | I | A | L | S | I | O | K | K | E | K | E | A | E |
| P | I | H | R | G | R | I | L | G | R | Y | P | E | R | S | P | N | K | L | I |
| F | K | E | E | R | F | E | I | S | C | S | H | M | S | Y | T | F | S | A | B |
| V | C | O | H | U | E | S | N | I | A | T | N | E | D | S | S | H | M | O | H |
| W | M | C | E | L | T | O | T | S | T | E | R | L | L | Y | I | F | O | O | G |
| L | M | L | Y | O | F | W | A | E | V | D | O | B | U | Y | R | I | O | C | E |
| O | I | O | J | B | O | Y | R | U | G | B | Y | S | P | E | L | E | R | L | R |
| S | S | O | A | L | R | O | E | V | N | E | I | L | C | O | O | R | D | I | N |
| W | T | I | L | C | E | K | O | A | A | N | N | D | D | R | I | I | E | C | I |
| K | I | R | E | I | M | O | A | R | M | O | D | D | E | R | D | I | N | G | W |
| U | G | S | E | R | S | O | T | A | A | N | N | D | D | D | C | A | A | H | O |
| L | H | A | D | S | E | W | R | E | A | H | N | L | D | A | M | S | A | E | T |
| S | E | P | T | E | M | B | E | R | S | E | R | L | E | F | I | M | R | I | M |
| T | I | H | B | E | S | W | E | I | S | I | S | C | S | H | E | E | D | R | W |
| I | D | S | T | A | H | C | S | O | A | L | N | L | T | S | I | E | A | R | N |

**Soek die volgende woorde in die woordsoekraaisel. Die woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal voorkom.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| BOTHA | FOBIES | FRANS | GRILGRYPERS | MISTIGHEID |
| MODDERDING | ONHEIL | REEKSMOORDENAAR | RUGBYSPELER | SEPTEMBER |

**Kwartaal 1: Hoofstuk 1 tot 8 - Woordsoek Memorandum**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | F | | | | | | |
| | B | O | T | H | A | | | | | | | | R | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | A | | | | | | |
| | | | | | | F | | | | | | | N | | | | R | | |
| | | | | | | O | | | | | | | S | | | | E | | |
| | | | | | | B | | | | | | | K | | | | E | | |
| | | | | G | R | I | L | G | R | Y | P | E | R | S | | | K | | |
| | | | | | | E | | | | | | | | | | | S | | |
| | | | | | | S | | | | | | | | | | | M | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | O | | |
| | M | | | | | | | | | | | | | | | | O | | |
| | I | | | | | | R | U | G | B | Y | S | P | E | L | E | R | | |
| | S | | | | | | | | | | | | | | | | D | | |
| | T | | | | | | | | | | | | | | | | E | | |
| | I | | | | | | | | M | O | D | D | E | R | D | I | N | G | |
| | G | | | | | | | | | N | | | | | | | A | | |
| | H | | | | | | | | | H | | | | | | | A | | |
| S | E | P | T | E | M | B | E | R | | E | | | | | | | R | | |
| | I | | | | | | | | | I | | | | | | | | | |
| | D | | | | | | | | | L | | | | | | | | | |

# Kwartaal 2

### Kwartaal 2: Hoofstuk 9 tot 16

### Blokkiesraaisel leidrade

**Af:**


2. Miek en Lisa noem hul Facebook blad "Vreesbaai ___".
5. “Hierdie ___ moet stop.” – Miek se rede waarom hulle Jean Naudé vroeër moet laat kom.
6. Donovan noem die sielkundige 'n "[o]nbeskofte ou ___"
7. "'n Mens ___ nooit 'n vraag met 'n vraag nie."
8. Die een se dood is die ander se ___.
9. Waarmee speel Jana toe Miek met haar oor haar vrees gaan praat?
11. Op die dag ná Frans le Roux se dood kom Miek vroeg huistoe. Wat sê hy vir sy ma gaan hy doen?

**Dwars:**


1. Juffrou Botha val Miek, Lisa en Donovan se gesprek met Sumari in die rede, want sy is op ___.
3. Wat is die van van die persoon wat die sin by nommer 7 af sê?
4. Dit wat Donovan heeltyd kou.
9. "Iets ___ [is] aan die gebeur in Vreesbaai."
10. “'n ___ geblaf in Miek se oor laat hom die foon verskrik op die bed neergooi.”
11. Sumari se gunsteling tydverdryf.

12 Miek gaan van die volgende week af saam met die ___ oefen.

**Kwartaal 2: Hoofstuk 9 tot 16 - Blokkiesraaisel**



**Kwartaal 2: Hoofstuk 9 tot 16 - Blokkiesraaisel Memorandum**



**Kwartaal 2 (Hoofstuk 9 tot 16) Woordsoek**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | O | B | V | C | A | D | J | E | A | F | M | G | E | H | S | I | B | J | F |
| K | C | L | H | B | A | N | N | O | N | P | A | Q | N | R | B | S | A | T | A |
| U | N | K | R | O | K | O | D | I | L | M | O | N | S | T | E | R | Z | R | C |
| T | A | Y | N | N | J | I | A | O | S | P | K | A | I | S | E | F | R | G | E |
| H | O | J | H | A | A | L | N | Z | N | X | W | G | O | V | L | B | F | N | B |
| M | A | C | N | T | G | E | V | F | O | A | N | M | G | E | O | A | E | R | O |
| E | H | M | E | U | S | K | A | A | L | G | A | E | Z | O | A | S | R | T | O |
| H | S | I | L | U | Y | O | T | C | H | T | E | R | R | R | I | O | N | X | K |
| I | O | L | W | R | E | O | N | L | A | E | R | R | A | T | V | H | E | L | N |
| E | C | G | L | L | A | S | W | S | H | R | E | I | L | A | G | R | A | T | H |
| A | U | N | F | I | F | A | L | A | E | D | P | E | U | N | F | O | F | R | G |
| T | O | H | D | K | P | P | A | M | P | O | E | N | G | E | S | I | G | O | F |
| L | I | E | N | S | D | A | O | C | R | G | M | A | Y | S | R | I | R | O | H |
| P | D | I | E | A | N | T | E | A | M | T | R | R | H | T | Y | O | S | A | M |
| A | O | N | R | T | G | H | A | O | N | I | A | Y | A | E | N | D | D | W | M |
| J | E | A | N | D | G | S | A | T | U | G | S | R | E | K | L | C | E | L | F |
| I | A | N | Y | T | E | O | I | N | G | F | N | R | O | A | T | N | U | C | S |
| I | P | S | E | B | V | A | E | S | I | R | K | U | S | M | U | S | I | E | K |
| T | S | K | I | N | D | E | R | A | U | A | T | L | I | I | D | A | O | N | T |
| O | T | V | R | N | H | A | R | T | R | O | U | R | O | K | D | N | R | O | Q |

**Soek die volgende woorde in die woordsoekraaisel. Die woorde kan van horisontaal, vertikaal of diagonal voorkom.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| AGTERDOGTIG | BONATUURLIKS | FACEBOOK | JEAN | KROKODILMONSTER |
| NAGMERRIENAR | PAMPOENGESIG | SIRKUSMUSIEK | SKINDER | TROUROK |

**Kwartaal 2 (Hoofstuk 9 tot 16) Woordsoek Memorandum**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | F |
| | | | | B | | | | | | | | | | | | | | | A |
| | | K | R | O | K | O | D | I | L | M | O | N | S | T | E | R | | | C |
| | | | | N | | | | | | | | A | | | | | | | E |
| | | | | A | | | | | | | | G | | | | | | | B |
| | | | | T | | | | | | A | | M | | | | | | | O |
| | | | | U | | | | | | G | | E | | | | | | | O |
| | | | | U | | | | | | T | | R | | | | | | | K |
| | | | | R | | | | | | E | | R | | | | | | | |
| | | | | L | | | | | | R | | I | | | | | | | |
| | | | | I | | | | | | D | | E | | | | | | | |
| | | | | K | | P | A | M | P | O | E | N | G | E | S | I | G | | |
| | | | | S | | | | | | G | | A | | | | | | | |
| | | | | A | | | | | | T | | R | | | | | | | |
| | | | | T | | | | | | I | | | | | | | | | |
| J | E | A | N | D | | | | | | G | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | F | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | S | I | R | K | U | S | M | U | S | I | E | K |
| | S | K | I | N | D | E | R | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | T | R | O | U | R | O | K | | | | | |

# Kwartaal 3

## Kwartaal 3 (Hoofstuk 17 tot 24)

### Blokkiesraaisel leidrade


**Dwars:**

1. Elke kind se foto gaan met ‘n ___ gepaard.
4. Juffrou Botha se ___ verwys na *The Scream*.
8. Die booswig (meneer Swart) se regte naam.
10. Engela voel asof sy uit die ___ kom as sy *Tannie* genoem word.
11. Waar het die *The Scream* skildery gehang?
13. Watter alias het Sumari vir Engela gegee toe Juffrou Botha vra?
14. Die bron van Engela se vrees kom van die ___ waarby hulle verby gery het.
15. Die booswig se agter-kleindogter is haar ___.
16. Die booswig is ‘n ___, en dis hoe sy soos ander mense kan lyk.


**Af:**

2. Engela gebruik ‘n internet-___.
3. Engela noem die vier vriende die “___ van Vreesbaai.”
5. Waar ontmoet Miek, Lisa en Donovan vir Sumari?
6. Waar ontmoet die vier vriende die eerste keer vir Engela?
7. Watter bewyse het Sumari by haar ma se werk gevind?
9. Miek het die ___ in die middel van die geheime kamer stukkend geslaan.
12. Miek sê vir die kelnerin dat hulle vir hul ___ wag.

**Kwartaal 3 (Hoofstuk 17 tot 24) Blokkiesraaisel**



**Kwartaal 3 (Hoofstuk 17 tot 24) Blokkiesraaisel Memorandum**



**Kwartaal 3 (Hoofstuk 17 tot 24) Woordsoek**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | O | B | V | C | A | D | J | E | A | F | M | G | E | H | S | I | H | J | U |
| M | C | L | H | M | A | N | B | L | O | E | D | D | R | U | P | P | E | L | R |
| B | N | V | E | W | S | X | W | Y | I | Z | E | Q | D | W | S | E | K | R | M |
| R | A | Y | N | U | J | I | A | O | S | P | K | A | I | V | E | F | S | G | J |
| O | O | J | H | K | A | L | S | Z | N | X | W | C | O | O | L | B | E | N | G |
| S | A | C | N | L | G | E | K | F | O | S | N | P | G | L | O | A | R | R | T |
| I | H | M | E | A | S | K | I | A | L | I | A | D | Z | W | A | S | Y | T | L |
| A | S | I | L | G | Y | O | L | C | H | I | E | A | R | A | I | O | N | X | A |
| I | O | L | W | G | E | O | D | L | A | I | R | A | A | S | V | H | E | L | B |
| E | S | U | P | E | R | H | E | L | D | I | N | H | L | S | G | R | A | T | O |
| A | U | N | F | N | F | A | R | A | E | R | P | A | U | E | F | O | F | R | R |
| T | O | H | D | K | R | Y | Y | M | C | O | G | L | R | N | Y | P | F | O | A |
| L | I | E | N | I | D | A | O | C | R | A | M | S | Y | E | R | I | R | O | T |
| P | D | I | E | A | N | T | E | A | M | M | R | A | H | S | Y | O | S | A | O |
| A | V | O | R | M | W | I | S | S | E | L | A | A | R | E | N | D | D | W | R |
| A | O | R | R | D | G | S | A | T | U | A | S | R | E | K | L | C | E | L | I |
| I | A | N | Y | T | E | O | I | N | G | F | N | R | O | A | T | N | U | C | U |
| I | P | S | E | B | Y | S | T | E | R | P | A | A | L | N | L | N | L | A | M |
| T | A | A | R | L | B | I | A | A | U | A | T | L | I | I | D | A | O | N | Z |
| D | R | A | A | I | O | R | R | E | L | T | J | I | E | M | U | S | I | E | K |

**Soek die volgende woorde in die woordsoekraaisel. Die woorde kan van horisontaal, vertikaal of diagonaal voorkom.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| AMBROSIA | BLOEDDRUPPEL | DRAAIORRELTJIEMUSIEK | HEKSERY | LABORATORIUM |
| SKILDERY | SUPERHELDIN | VOLWASSENES | VORMWISSELAAR | YSTERPAAL |

**Kwartaal 3 (Hoofstuk 17 tot 24) Woordsoek Memorandum**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | | | | | | | | | | | | | | | | | H | | |
| M | | | | | | | B | L | O | E | D | D | R | U | P | P | E | L | |
| B | | | | | | | | | | | | | | | | | K | | |
| R | | | | | | | | | | | | | | V | | | S | | |
| O | | | | | | | S | | | | | | | O | | | E | | |
| S | | | | | | | K | | | | | | | L | | | R | | |
| I | | | | | | | I | | | | | | | W | | | Y | | L |
| A | | | | | | | L | | | | | | | A | | | | | A |
| | | | | | | | D | | | | | | | S | | | | | B |
| | S | U | P | E | R | H | E | L | D | I | N | | | S | | | | | O |
| | | | | | | | R | | | | | | | E | | | | | R |
| | | | | | | | Y | | | | | | | N | | | | | A |
| | | | | | | | | | | | | | | E | | | | | T |
| | | | | | | | | | | | | | | S | | | | | O |
| | V | O | R | M | W | I | S | S | E | L | A | A | R | | | | | | R |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | I |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | U |
| | | | | | Y | S | T | E | R | P | A | A | L | | | | | | M |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| D | R | A | A | I | O | R | R | E | L | T | J | I | E | M | U | S | I | E | K |

# BRONNE


Cherry, K., and Gans, S. 2021. A tot Z Lys van Fobies, Van die Vreemde tot die Algemene, *ReoVeme*. 2021. [Aanlyn.] Beskikbaar by: https://af.reoveme.com/a-tot-z-lys-van-fobies-van-die-vreemde-tot-die-algemene/

Hugo, De Wet. 2018. *Grilgrypers 1: Die vloek van Vreesbaai*. Human & Rousseau

Malherbe, P. 2015. Top tien vreemdste fobies, *netwerk24 Huisgenoot*. 28 Desember 2015. [Aanlyn.] Beskikbaar by: https://www.netwerk24.com/huisgenoot/Nuus/top-tien-vreemdste-fobies-20170528

Van Nieuwenhuyzen, J. 2018. Jong lesers: *Grilgrypers – die vloek van Vreesbaai* deur De Wet Hugo, *litnet.co.za*. 16 Mei 2018. [Aanlyn.] Beskikbaar by: https://www.litnet.co.za/jong-lesers-grilgrypers-1-die-vloek-van-vreesbaai-deur-de-wet-hugo/

Viljoen, L. 2018. Boekresensie: Die vloek van Vreesbaai, *maroelamedia*. 22 Mei 2018. [Aanlyn.] Beskikbaar by: https://maroelamedia.co.za/afrikaans/boeke/boekresensie-die-vloek-van-vreesbaai/

Vorster, M. 2019. Onderhoud met De Wet Hugo oor die Grilgrypers-reeks en oor *Die groen watergraf*, *litnet.co.za.* 1 November 2019. [Aanlyn.] Beskikbaar by: https://www.litnet.co.za/onderhoud-met-de-wet-hugo-oor-die-grilgrypers-reeks-en-oor-die-groen-watergraf/

De Wet Hugo webtuiste

https://dewethugo.co.za/

Lokfilm

https://www.youtube.com/watch?v=-vKKM5Nojl4